


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 5, No. 3

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Kan u dít wat u glo bewys?

Dit is verstommend om te besef hoe noukeurig mense is wanneer hulle byvoorbeeld 'n huis koop, in teenstelling met die besluit oor watter kerk om by aan te sluit. Die huis sal moontlik net vir 'n paar jaar aan hul behoeftes voldoen, maar om betrokke te wees by die ware godsdiens van God, sal bepaal hoe hulle die ewigheid gaan deurbring.

So, waar het u aan u godsdiens gekom? Hoe het dit gekom dat u glo wat u glo? Het u u godsdiensbeginsels uit die Bybel gekry, of by familie en vriende?

Om die waarheid te sê, die meeste mense kry nie hul godsdiens uit die Bybel nie. Dit mag pynlik wees om dit te erken, maar in die meeste gevalle kan dit egter maklik bewys word. Gereelde lesers van *Die Wêreld van Môre* weet dat—anders as baie bedienings in die “hoofstroom” van godsdiens—ons alles wat ons u vertel, vers vir vers uit u eie Bybel bewys. Die meeste mense bestudeer egter nie werklik die Bybel nie en glo nie dat dit sê wat dit bedoel en bedoel wat dit sê nie, met die gevolg dat hulle nie verstaan nie.

Dit is vir die meeste mense baie moeilik om te erken dat hulle verkeerd was. Die menslike trots wil dit net nie doen nie. Tog is dit, volgens die geïnspireerde Woord van God, die **beginpunt** van ware Christelikheid. Toe Jesus Christus Sy

bediening begin het, het Hy aan Sy toehoorders gesê, “**Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom**” (Mattheus 4:17). Ook sê die evangelie volgens Markus vir ons: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; **bekeer julle en glo die evangelie**” (Markus 1:14-15). Jesus sê later: “Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie **bekeer** nie, sal julle almal net so omkom” (Lukas 13:5).

Om “berou tot bekering te hê” beteken om te **verander**. Net soos mense egter nie wil erken dat hulle verkeerd was nie, wil hulle beslis ook nie verander nie! Net soos Sir Winston Churchill gesê het, “Mense struikel per geleentheid oor die waarheid, maar die meeste staan op en haas hulle voort asof niks gebeur het nie.”

As u ewige lewe egter daarvan afhang, sal u baie wys wees om te oorweeg of u nie die verkeerde godsdiens beoefen het nie—dalk die einste godsdiens waarin u ouers u in opregtheid opgevoed het!

Sê ek dat Christendom die “verkeerde godsdiens” is? *Natuurlik nie!* Ek wil u egter daarvan bewus maak dat daar 'n *valse* Christendom en 'n *ware* Christendom bestaan.

Baie mense besef dit nie, maar die Bybel maak dit baie duidelik dat 'n *valse* vorm van Christelikheid tot en met die Wederkoms van Christus sal oorheers. Die geliefde apostel Johannes beskryf hierdie einste tyd waarin ons leef: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld *verlei*, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9). Satan die Duiwel het 'n *vals* Christelikheid aan hierdie misleide wêreld afgesmeer!

Die hoogs gerespekteerde hedendaagse filosoof, Soren Kierkegaard, skryf in sy *Attack Upon Christendom*: “Die Christendom van die Nuwe Testament bestaan eenvoudig nie. Miljoene mense het God deur die eeue heen bietjie vir bietjie uit die Christendom gekul en daarin geslaag om dit presies die teenoorgestelde te maak wat dit in die Nuwe Testament is.”

Dit is dus nodig dat ons elkeen bewys wat ons glo, deur die Bybel werklik te *bestudeer*. Ons moet indrink wat die Bybel *self* sê in plaas daarvan dat ons ons vooraf gevormde idees in die Bybel *in* lees.

Dink vir 'n oomblik. Waarom is die belydende Christendom in honderde wedywerende kerkverbande en sektes verdeel? Waarom het kerke wat hulself “Christen” noem, so baie verskillende leerstellings en praktyke? Is dit moontlik dat

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik—Kan u dít wat u glo bewys?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Is u bereid om te verander? 3

U lewe hang af van u bereidwilligheid om te verander. U ewigheid hang af van wat u met God se geopenbaarde waarheid doen, wat na die ewige lewe lei. Om egter net die waarheid te ken, is nie genoeg nie. God wil hê u moet reageer. Sal u?

Wie is die Dier? 6

Min mense verstaan die boek Openbaring en sy talle geheimsinnige simbole. Daar is baie teenstrydige idees aangaande die Dier van Openbaring, maar die Bybel maak homself duidelik en onthul noodsaaklike waarheid waarvan u moet kennis dra!

Evolusie: Feit of fiksie? 10

Is u 'n “aap wat broek dra” of is u deur God geskape? Is die Wetenskap en Godsdien teenstrydig of stem die fisiese en geestelike bewyse ooreen dat God die heelal en alles wat daarmee gepaard gaan, geskape het? U moet weet!

Het Jesus die Sabbatsgebod 15 oortree?

Het Jesus Christus Sy volgelinge daarop gewys dat die Tien Gebooie nie die standaard vir Christenlewe is nie? Het Hy die Wet afgeskaf of het Hy die ware betekenis daarvan vir hedendaagse Christene in woord en daad getoon?

Die antwoord op onverhoorde 19 gebede

Bid u gereeld? Verhoor God altyd u gebede? Wat staan u te doen wanneer u voel u gebede word nie verhoor nie? Die Bybel bied praktiese maniere wat u kan help om God se antwoorde op u gebede raak te sien en daarop te reageer.

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
 of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
 Bruce Tyler (Australië)
 Gerald Weston (Kanada)
 Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
 Charlotte, NC 28227-8010
 Tel: (704) 844-1970
 Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
 Canberra, ACT 2601
 Tel: (07) 5546 0472
 Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
 Toronto, Ontario, M9W 6L0
 Tel: (905) 671-3730
 Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
 Auckland, New Zealand
 Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
 Makati City 1257, Philippines
 Tel: 63-2-813-6538
 Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
 Motherwell, ML1 2YD Scotland
 Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS 9880
 Tel: 058 622 1424
 Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
 Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Is u bereid om te verander?

Deur Roderick C. Meredith

U eie lewe hang in die volgende paar jaar af van u bereidwilligheid om te verander! U ewigheid hang af van wat u met die waarheid doen wat onthul word.

In net die afgelope paar jaar het miljoene kykers na die *Tomorrow's World*-televisieuitsending gekyk of die *Tomorrow's World* of Wêreld van Môre-tydskrif gelees of ons webwerf besoek. Elke maand wat verbygaan, is daar talle duisende mense wat hierdie boodskap vir die eerste keer hoor. Hulle lees die sterk, uitgesproke artikels wat op die Bybel gegrond is en in die Wêreld van Môre-tydskrif verskyn. Hulle het ons boekies en artikels bestudeer wat die waarheid wys oor die bestaan van hul goddelike hemelse Vader—die Skepper—wat aan hulle elke asemteug gee. Hulle het die uiterste belaglikheid van die evolusiefantasie en ander vals leringe gesien.

Hulle luister, hulle lees en hulle praat. Moontlik praat hulle met familieleden of vriende, of mense by die werk. Moontlik praat hulle met mense by die kerk of by die skool.

Hulle luister en hulle lees en hulle praat alreeds.

Ja, hulle luister en hulle lees en hulle praat—maar wat sal hulle **doen**?

Wat sal **u** doen?

God sê: “En hulle kom na jou toe soos 'n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaringe met hulle mond, *maar* hulle hart gaan agter hulle onregverdige wins aan. En kyk, jy is vir hulle soos 'n minnelied, soos *een* skoon van stem, wat goed op die snare speel: hulle hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie. Maar as

dit kom—kyk, dit kom!—dan sal hulle weet dat daar 'n profeet onder hulle gewees het” (Esegiël 33:31-33).

Wat gaan dit verg vir u om persoonlik te besef dat ware dienaars van die Almagtige God met u praat deur die *Tomorrow's World*-televisieuitsending?

Wat gaan dit verg vir u om te **luister** en te **reageer op** kennis wat u ontvang deur die *Tomorrow's World*-televisieuitsending, -tydskrif en die webwerf?

Tot watter mate sal geprofeteerde bonatuurlike straf u persoonlik moet raak voordat u bereid is om u leefwyse te **verander** en God te gehoorsaam?

Want dit is die sleutel—*u bereidwilligheid om te verander*.

Baie diepdenkende mense is intellektueel oortuig deur wat hulle op die *Tomorrow's World*-televisieuitsending hoor en in die bladsye van die Wêreld van Môre-tydskrif lees—en hulle weet dat dit reg is. Hulle weerstaan dit egter en dit grief hul dat hulle hul leefwyse moet verander!

Tog, in hierdie tyd meer as ooit tevore, is u bereidwilligheid om te **verander** en om die waarheid te aanvaar en om gehoorsaam te wees aan wat God in hierdie eindtye deur Sy dienaars onthul, die sleutel tot u einste oorlewing—nou en vir ewig.

Kort voor lank sal u kan sien dat dit nie net 'n sentimentele gedagte is nie—dit is 'n feit.

U gesindheid is die sleutel

Regdeur die tye het elke ware

dienaar van God 'n boodskap van verandering gepreek. Dit is bloot omdat mense altyd geneig was om die weg van die menslike aard te volg—die weg van ydelheid, selfsug, wellus, haat en oorlog.

Asof met een stem, het hierdie getroue dienaars van God uitgeroep teen die nasionale misdade en sondes van hul volke—nie net in regverdige verontwaardiging of uit wraak nie, maar uit diepe, persoonlike besorgdheid.

Esegiël roep uit: “Waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?” (Esegiël 18:31). Jeremia beklaag: “Nie van harte verdruk of bedroef Hy [God] die mensekinders nie” (Klaagliedere 3:33).

Esegiël en Jeremia het met diepe insig, die sieklike oordadigheid en sondes van hul mense gesien. Hulle het deur God se spesiale openbaring die geprofeteerde strawwe gesien wat daardie mense oor hulself bring. Hulle het ook hul mense, vir wie hulle lief was en van ganser harte wou bedien, aangemoedig om hulle van hul sondes te bekeer—om te verander.

Elkeen het die oproepe van mense geantwoord wat so baie probleme gehad het—mense wat van hom gesê het: “Hy sê net sleg van die nasie en hy bied nooit enige oplossings nie!”

Hulle het oplossings gebied—omvattende, verreikende oplossings vir wêreldprobleme en die probleme van individue deur God se eie antwoord te gee.

Die antwoord is om te bekeer—om bereid te wees om te verander. Want om te bekeer

beteken nie net om berou te hê nie, maar om soveel berou te hê dat u bereid is om op te hou om te doen wat verkeerd is, en om om te draai en die ander weg in te slaan.

Ware bekering behels 'n ware verandering.

Ter voorbereiding van Christus se eerste koms, het Johannes die Doper in die woestyn van Judea kom preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom” (Mattheus 3:1-2).

Kort daarna begin Jesus Sy eie bediening en preek die evangelie van die komende regering (of heerskappy) van God. Hy verkondig: “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:14-15).

Jesus waarsku die mense herhaaldelik dat die enigste manier waarop hulle gered kon word, was om hulle te bekeer van die weë, gewoontes en gebruike van die mense om hulle, en om te begin om God te gehoorsaam. Hy waarsku: “Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom” (Lukas 13:3, 5).

Toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin het, het die geïnspireerde apostel Petrus die weg na verlossing aangedui: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38).

Ook weer: “Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom” (Handelinge 3:19).

Die bedoeling van die einste woorde “tot inkeer kom” beteken om selfondersoek te doen en te verander.

Om geestelik tot inkeerte kom, moet 'n mens werklik, aktief jammer wees en berouvol wees vir sy ongehoorsaamheid aan die ware God in die verlede en dan moet hy sy leefwyse verander om te voldoen aan God se wil.

U het seker al opgelet dat die artikels in die Wêreld van Môre-tydskrif gedurig aan u toon hoe baie van die gewoontes, gebruike en oortuigings van hierdie wêreld teenstrydig met God se gebooie is. Wat is die heilige dae wat u behoort te onderhou? Wat is die beloning—die ware doelwit—van die Christen? Wat behoort ons te doen aangaande die gedurige vermanings om die gebooie van God te gehoorsaam—almal van hulle? Wat behoort ons te doen met die opdrag om volgens elke woord van God te leef?

Doen u werklik *iets* met die kosbare kennis wat God u gee?

Hier volg 'n brief—tipies van baie ander—van 'n man wat weet dat hy moet verander:

“Ek waardeer die literatuur wat u oor die afgelope twee jaar vir my gestuur het baie. Ek het baie dinge geleer en moontlik naby daaraan gekom om myself heeltemal vir God te gee. Dit is jammer dat ek tekortgeskiet het. Siende dat ek hierdie herfs na Oklahoma Universiteit gaan, dink ek dat u materiaal wat u vir my stuur, verlore sal gaan. Ek kan duidelik sien dat die materialistiese trekke en sosiale invloed—veral van my kamermaats—sal veroorsaak dat ek dit opsy sit. Soos u moontlik kan sien, is ek nie te bekommerd oor God se toorn nie. Ek het die saak opsy gesit en dink dat God my vroeër of later sal deurhaal. Ten minste weet ek waarheen om te gaan wanneer dinge erg raak. Dit is amper soos om iets vir niks te kry, nie waar nie? Ek het geen verskoning nie. Ek het die waarheid gesien en dit geïgnoreer. Ek is nie ontnugter

nie en soek nie 'n antwoord vir die mensdom se euwels nie. Ek het die antwoord deur u werk gekry. Ek is nie deurmekaar nie; ek is bloot sondig. Dit is jammer dat u literatuur gemors moes word. Ek is bloot 'n tipiese mens.”

Te “swak” om te verander?

W e e r s t a a n u o o k verandering? Lyk dit of dit te moeilik is om van u leefwyse na God se leefwyse te verander?

U moet besef dat u menslike aard self iets is om van te bekeer! God sê: “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?” (Jeremia 17:9).

Met daardie woorde beskryf God die soort geaardheid wat u het!

U hou waarskynlik nie van verandering nie. U hou waarskynlik nie van die gedagte om te erken dat u godsdienst of u leefwyse verkeerd kon wees nie.

Let op hierdie treffende beskrywing van die menslike verstand in professor James Harvey se insiggewende boek *The Mind in the Making*:

“Ons is inderdaad onagsaam in die vorming van ons oortuigings, maar bevind onself met 'n ongeoorloofde passie daarvoor wanneer enigiemand van plan is om ons van hul geselskap te beroof. Dit is duidelik nie die idees wat hulself bedreig wat vir ons gelief is nie, maar ons selfbeeld wat bedreig word ... Die klein woordjie “my” is die belangrikste een in mensesake en om dit behoorlik te hanteer is net die begin van wysheid. Dit het dieselfde krag, of dit nou *my* kos, *my* hond, *my* huis of *my* geloof, *my* land en *my* God is. Ons verag nie net die aantying dat ons horlosie verkeerd, of ons kar vuil is nie, maar ook dat ons konsep van die kanale van Mars, of die uitspraak van die woord “Mpumalanga”, die

medisinale waarde van soutwater of die datum van Sargon 1 hersien behoort te word...

Ons hou daarvan om aan te hou glo wat ons gewoon is om as waar te aanvaar en die veragting wat opvlam wanneer enige van ons veronderstellings in twyfel getrek word, lei ons daartoe om elke moontlike verskoning aan te haal om daaraan te bly vasklou. Die gevolg is dat die meeste van ons sogenaamde redenasies, daaruit bestaan om argumente te vind om aan te hou glo wat ons reeds glo."

Wat 'n klassieke illustrasie van die menslike verstand—u verstand!

Let nou op wat God sê van die natuurlike, vleeslike verstand van die mens: "Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7). En in die vorige vers sê God "wat die vlees bedink, is die dood."

So toon die Bybel dat die einste sleutel tot u oorlewing, u bereidwilligheid is om u te bekeer van u eie weë en u eie idees, gewoontes en oortuigings te verander, sodat dit waarlik ooreenstem met God se weë en leringe soos u Bybel onthul.

God se waarheid bring verantwoordelikheid

God het aan baie van ons lesers getoon dat hierdie Sy Werk is. Deur die *Tomorrow's World*-televisieuitsending en in die bladsye van hierdie tydskrif, word u gedurig in duidelike terme uitgedaag om die Tien Gebooie letterlik te gehoorsaam soos God beoog. U word uitgedaag om Sy dae heilig te hou en om uit hierdie wêreld se baie heidense godsdiensvieringe, gewoontes en tradisies te kom.

Baie van u sit egter net terug

en luister en sê: "Wel, ek stem saam met wat u onderrig, maar ek sien nie dat daar iets is wat ek daaraan moet doen nie."

Tog sê God: "Omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word" (Romeine 2:13).

God sê weer: "Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde" (Jakobus 4:17).

Die meeste van u wat lesers van die Wêreld van Môre is, weet werklik wat u veronderstel is om te doen. U weet dat u moet *begin reageer* op die noodsaaklike kennis wat u deur God se werk leer.

U weet dat selfs meer kosbare kennis van God se waarheid beskikbaar is deur die wonderlike gratis boekies wat ons oor baie onderwerpe bied, te bestudeer.

U weet dat u selfs meer van hierdie belangrike geestelike waarhede gevoer kan word, deur die Wêreld van Môre-Bybelstudiekursus te doen en daarop te reageer.

U weet waar die waarheid beskikbaar is. U weet dat daar vandag niemand anders op aarde is wat werklik die Bybel so duidelik maak soos ons nie—of wat groot wêreldgebeure in hul besliste, profetiese belang duidelik maak nie.

Sal u reageer terwyl daar tyd is?

Hoe sal u voel wanneer hierdie gebeure waarvan u lees skielik voor u eie oë plaasvind? Hoe sal u voel wanneer u nog altyd geweet het van hierdie dinge—geweet het dat u God behoort te gehoorsaam en te reageer op Sy kennis wat Hy vryelik aan u onthul—maar net te lui was of botweg geweier het om u weë te verander en betyds onder Sy beskerming te kom?

Gaan u reageer soos die man wat hierdie brief geskryf het: "Ek is nie 'n Christen nie. Dit verg 'n man om een van hulle te wees. Ek bid nie. Ek het nog nooit in my lewe gebid nie. Ek het 'n kans gehad om by 'n kerk aan te sluit, maar die manier waarop hulle dinge verduidelik het, het nie vir my reg gelyk nie. Ek het 'n goeie kans gehad om die weg van die evolusieteorie te loop, maar dit het nie reg gelyk nie. Toe die waarheid wel my pad kruis, was ek nie so dom dat ek dit nie herken het nie. Ek help om die werk finansieel te ondersteun, want ek glo een honderd persent daarin. Moet egter asseblief nie dink dat ek bid nie. Ek kan myself nie genoeg verootmoedig nie."

Skokkend?

Ja. Of ten minste, dit behoort te wees, mits u kan verstaan wat op die spel is.

Die God van u Bybel sê: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord" (Jesaja 66:2).

U behoort beslis by hierdie tyd te weet dat ons nie sentimentele speletjies met u speel nie. Ons daag u uit om te bewys wat ons oor wêreldgebeure en die vervulling van Bybelprofesieë sê, want dit wat ons onderrig **kan en word** wel bewys.

Maar om bloot hierdie dinge te **weet** sal u en u geliefdes niks baat nie, want u moet op die waarheid **reageer**. U moet volgens God se wette leef—almal van hulle. U moet u benadering en u leefwyse verander om eenvormig te wees aan die voorbeeld en leringe van die ware Jesus Christus van u Bybel.

Om die lewe en ewigheid se ontwil: sal u die moed en vasberadenheid aan die dag lê om hierdie verandering te maak?

Wie is die Dier?

Deur Richard F. Ames

Die boek Openbaring in u Bybel, is vir die meeste mense 'n raaisel. Dit is vol buitengewone sinnebeelde en geheimsinnige figure. Een van hulle, is 'n "Dier" wat die toekoms van die wêreld sal verander.

Die boek Openbaring is vol simbole, waarvan een 'n "Dier" is met sewe koppe en tien horings. Volgens Bybelprofesie, sal hierdie toekomstige Dier oor baie nasies regeer.

Wie presies is hierdie Dier? Wat verteenwoordig die koppe en horings? Die antwoord kan u dalk verbaas, en dit sal u ook help om die toekoms van die wêreld te verstaan.

Gereelde lesers van hierdie tydskrif verstaan dat Jesus Christus binnekort na hierdie aarde sal terugkeer om die duisendjarige Vrederyk—die Koninkryk van God—hier op aarde in te lei. Bybelprofesie onthul egter dat alvorens Jesus Christus Sy heerskappy op aarde sal begin, die nasies in 'n vernietigende wêreldoorlog teen mekaar sal veg. Een van hierdie oorlogvoerende supermoondhede, word in u Bybel beskryf as 'n diermetsewekoppe.

Johannes se beskrywing van die Dier

Wat is hierdie geheimsinnige Dier? Die apostel Johannes beskryf 'n duidelike visioen van 'n dier met sewe koppe en tien horings. "En [’n engel] het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings" (Openbaring 17:3).

Wat is die betekenis van hierdie koppe en horings? Wat verteenwoordig die vrou? Mense hou daarvan om te spekuleer, maar ons hoef nie in die duister te verkeer oor die betekenis van Johannes se skrywe nie. Die Bybel interpreteer die Bybel, soos ons sal sien.

In die Bybel is 'n vrou simbolies van 'n kerk. Soms verteenwoordig 'n vrou die ware Kerk

(Efesiërs 5:25, 32). Christus het Sy Kerk lief, net soos die mans hul vroue moet liefhê. 'n Gevalle vrou verteenwoordig egter 'n vals kerk of vals godsdienstelsel. Let op Johannes se verdere beskrywing: "En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien" (Openbaring 17:4-6).

Hier is 'n groot vervolgsugtige kerk, 'n godsdienstelsel wat die ware Christene oor die eeue heen vervolgt het. Johannes sit sy beskrywing voort: "Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf" (Openbaring 17:9-11).

Hier sien ons dat die sewe koppe sewe opeenvolgende konings of koninkryke verteenwoordig, wat op die oorspronklike koninkryk volg. Die agtste sal dus die finale herryding van hierdie koninkryk wees. Soos ons sal sien, is dit die herrese Romeinse Ryk.

Johannes beskryf voorts 'n uitsonderlike eienskap van die Dier: "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang

mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin—want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings—en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:12-14). Hierdie horings is 'n militêre alliansie wat oorlog sal voer teen Jesus Christus, die Lam.

Die Dier by Armageddon

Die Bybel beskryf 'n verskriklike eindtydse slagting, algemeen bekend as die “Slag van Armageddon”. Tydens hierdie skermutseling sal magte wat lojaal is aan die Dier, toetree tot 'n finale stryd tussen goed en kwaad, met die doel om die aarde te beheer. Wat sal tydens hierdie stryd gebeur? “En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word” (Openbaring 16:12).

Let op waar hierdie veldslag gevoer word! 'n Oosterse alliansie, naamlik die “konings wat van die Ooste af kom”, sal weswaarts oor die Eufraatrivier beweeg. Kyk na 'n wêreldkaart en u sal sien dat die Eufraatrivier sy oorsprong in Turkye het en dan deur Sirië en Irak vloei, voordat dit die Persiese Golf bereik. Watter nasies is Oos van die Eufraatrivier? Nasies wat Iran, Indië en China insluit.

Die Bybel beskryf dat konings wat “van die Ooste af kom” weswaarts sal beweeg om hulle by ander magte aan te sluit. Waarom sal hulle opruk? “En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God” (Openbaring 16:13-14). Die Dier, saam met die vals profeet, sal hierdie konings versamel om teen Jesus Christus—die Messias—oorlog te voer met sy Wederkoms. Alhoewel daar dikwels na hierdie geveg verwys word as die “Slag van Armageddon”, noem u Bybel dit iets anders—“die

oorlog van daardie groot dag van die almagtige God” (vers 14).

Kan Christene dit bekostig om hierdie beslissende gebeurlikheid te ignoreer? Jesus Christus Self gee die antwoord wanneer Hy ons waarsku: “Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie” (vers 15).

Waar sal die Dier die wêreld se leërs byeenbring? “En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon” (vers 16). Die woord “Armageddon” is 'n transliterasie van die Hebreeuse *har Megiddo*, wat “die heuwel of berg van Megiddo” beteken. Megiddo is sowat 88 kilometer noord van Jerusalem, in Israel, geleë. In antieke tye, het Megiddo die hoofhandelsroete tussen Egipte en Damaskus bewaak. Dit kyk ook uit oor die grootste vlakte in Israel, naamlik die “Vallei van Jisreël” in u Bybel of die Esdraelon-vlakte. Die Ou Testament maak melding van verskeie slagtings wat daar plaasgevind het. Ondanks die feit dat die wêreld se leërmagte al hul moderne wapens van massavernietiging teen die terugkerende Christus sal gebruik, sal hulle hopeloos misluk in stryd teen die Koning van konings.

Die Dier in Daniël

Ons lees in Daniël dat God Sy profeet Daniël geïnspireer het om 'n verstommende visioen van vier groot diere te sien: “Daniël het gesprek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring; en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander. Die eerste was soos 'n leeu, en hy het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is. En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis” (Daniël 7:2-5).

Daniël beskryf dan 'n dier soos 'n luiperd en nog 'n dier met tien horings, voordat hy

verduidelik: “Hierdie groot diere wat vier is—vier konings sal uit die aarde opstaan; en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid” (vers 17-18).

Net soos in Openbaring, sien ons hier 'n dier met tien horings! Hierdie dier verteenwoordig ook 'n eindtydse herlewing van 'n groot ryk—'n toekomstige supermoondheid. Daniël verduidelik verder: “Die vierde dier—die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. En die tien horings—uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp” (vers 23-24).

Die horings verteenwoordig opeenvolgende konings. Hulle sal geoordeel word en die finale “Diermag” sal omvergewerp word (vers 26). Dan sal God se Koninkryk op aarde gevestig word: “Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees” (vers 27).

Ons het gesien dat Openbaring sowel as Daniël profesieë aangaande tien horings bevat, wat koninkryke verteenwoordig. Albei profesieë loop saam in die wêreld se finale supermoondheid wat in opstand sal kom teen Jesus Christus. Kan ons hierdie supermoondheid—hierdie finale Dier—identifiseer? 'n Droom wat aan koning Nebukadnésar gegee is, kan ons help om die Bybelse sowel as die geskiedkundige bewyse aangaande die vier wêreldregerende ryke te verstaan en om die Dier te identifiseer wat voor Jesus Christus se Wederkoms sal regeer.

Daniël en sy drie vriende is in Babiloniese ballingskap weggevoer, waar hulle opleiding en onderrig ontvang het om die Koning van Babilon, in wie se diens hulle uitgeblink het, te dien. Waarom het hulle uitgeblink? “En hierdie vier jong seuns—God het aan hulle wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee; ook het Daniël verstand gehad van allerhande gesigte en drome” (Daniël 1:17). Hulle het uitgeblink in hul

diens omdat God hulle wysheid gegee het.

Nebukadnésar se droom

Toe Koning Nebukadnésar 'n steurende droom gehad het, kon sy Babiloniese raadgewers dit nie uittê nie. Nebukadnésar het hom derhalwe op Daniël, wie se wysheid hy gerespekteer het, beroep. Anders as Nebukadnésar se raadsmanne, het Daniël geweet wat die koning se droom was en het die groot beeld beskryf wat die koning gesien het: “U, o koning, het 'n gesig gehad—kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het” (Daniël 2:31-34).

Daniël het nie net geweet wat die koning gedroom het nie, hy kon ook die betekenis daarvan uittê: “U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het—***ú is die hoof van goud***” (Daniël 2:37-38).

Daniël het Nebukadnésar meegedeel dat die kop van goud hom en sy ryk, die Babiloniese Ryk, verteenwoordig. Watter wêreldregerende ryke verteenwoordig die res van die beeld egter? Bybelkenners en historici stem in die breë saam dat die kop van goud die Babiloniese Ryk tussen 625 en 639 v.C. verteenwoordig. Hierdie ryk is vervang deur die Medo-Persiese Ryk van tussen 558 en 330 v.C., en word verteenwoordig deur die bors en arms van silwer. Die buik en lende van koper verteenwoordig die Grieks-Macedoniese Ryk van Alexander die Grote, tussen 333 en 31 v.C. Die twee bene van yster verteenwoordig die Romeinse Ryk tussen 31 v.C. en 476 n.C. Laastens, verteenwoordig die tien tone—aan die

twee voete van 'n mengsel van yster en klei—'n **toekomstige** herlewing van die Romeinse Ryk.

Let daarop dat al die koninkryke wat deur Nebukadnésar se droombeeld verteenwoordig word, tot 'n einde sal kom. Wat sal ná hulle kom? Die Koninkryk van God! Soos Daniël aan Nebukadnésar verduidelik het: “U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (Daniël 2:34-35).

Daniël gaan voort om die betekenis van die klip te verduidelik: “Maar in die dae van dié konings [gesimboliseer deur die tien tone] sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Daniël 2:44).

God se Koninkryk vervang die Dier!

Die Koninkryk van God sal die Diermag vervang. Soos ons gesien het, voorspel Daniël se profesieë die ryke wat die Babiloniese Ryk sal opvolg. Die laaste ryk, met sy herlewings, was die Romeinse Ryk. Daar was ses herlewings, insluitende die Keiserlike Herstel onder Justinianus in 544 n.C. en nog 'n herlewing onder leiding van Karel die Grote in 800 n.C. Die eindtydse Diermag van Openbaring, sal die finale herlewing van die eertydse Romeinse Ryk wees wat aanvanklik tussen 31 v.C. en 476 n.C. regeer het.

Die eindtydse herlewing van hierdie antieke ryk word ook in Openbaring 13 uitgebeeld. Johannes beskryf wat hy in 'n visioen gesien het: “En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy

pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (vers 1-2).

Ander kommentare het ook die Dier van Openbaring as die Romeinse Ryk geïdentifiseer, onder meer die *Douay-Rheims* uitgawe van die Bybel, wat deur die Rooms-Katolieke owerhede uit die Latynse Vulgaat vertaal is. In die verduidelikende notas, lewer die *Douay-Rheims* die volgende kommentaar rakende Openbaring 13: “Die beeld van die eerste dier is op Daniël 7 gebaseer. Hierdie dier is die beeld van die wêreldse koninkryke, wat op drif en selfsug gegrond is en tydens alle eras antagonisties teenoor Christus was en dit ten doel het om God se dienaars te onderdruk. Keiserlike Rome verteenwoordig hierdie mag.” Selfs hierdie Rooms-Katolieke bron erken dat die Romeinse Ryk geïdentifiseer word as die Diermag! Bykomend tot die notas oor Openbaring 17:11, lewer die *Douay-Rheims* die volgende kommentaar: “Die dier waarvan hier gepraat word, blyk die Romeinse Ryk te wees, soos in hoofstuk 13.” Dit is geen verrassing dat die *Douay-Rheims* geen verband tref tussen die Romeinse Ryk en die “vrou”—die vals kerk—wat “sit op” (beheer uitoefen oor) daardie ryk nie. Selfs ernstige Rooms-Katolieke geleerdes ontken egter hier nie die identiteit van die Dier nie!

Talle Europeërs beskou selfs vandag reeds die Europese Unie as 'n nuwe Romeinse Ryk. Soos die *Tomorrow's World*-skrywer en TV aanbieder John Ogwyn tydens 'n *Tomorrow's World*-televisieuitsending berig het: “Gedurende die herfs van 2004, het 'n merkwaardige uitstalling in 'n sirkustent reg oorkant die hoofkwartier van die Europese Unie in Brussels, België geopen. Die beste samevatting van die tema van die uitstalling, was 'n banier wat aangekondig het ‘Die Nuwe Romeinse Ryk’. Hierdie uitstalling het die verhaal van 50 jaar van die Europese Unie se geskiedenis uitgebeeld, en volgens die woorde van een prominente Britse koerant, 'projekteer dit na gebeure in die toekoms op 'n ongewoon reguit vertoon van Europese ambisie” (*The New Roman Empire*, 20-26 Januarie 2005).

Sal die Europese Unie 'n nuwe Romeinse Ryk

Vervolg op bladsy 26

EVOLUSIE: Feit of fiksie?

Deur John H. Ogwyn

In die bykans 150 jaar sedert dit die eerste keer in 1859 gepubliseer is, is Charles Darwin se *Origin of the Species* sekerlik bewys as een van die invloedrykste boeke van ons tyd. Dit het nie net die moderne wetenskap gevorm nie; dit het verrykende gevolge op ons samelewing as 'n geheel gehad. Vandag veronderstel miljoene mense dat Darwin se teorieë, en dié van sy opvolgers, evolusie deur natuurlike seleksie gevestig het as 'n gevestigde wetenskaplike feit.

In sy voorbladartikel van November 2004, vra *National Geographic*-tydskrif hierdie vraag: “Was Darwin verkeerd?” Dit kom as geen verrassing dat die skrywer “Nee!” geantwoord het nie! Tiperend van voorstanders van Darwin se teorie, het die artikel beweer dat die bewyse ten gunste van evolusie “oorweldigend” is. Die debat gaan nietemin voort tussen diegene wat in evolusie glo en diegene wat die veronderstellings gebrekkig vind. Talle voorstanders van evolusie dring daarop aan dat geen geleerde persoon die geldigheid daarvan kan ontken nie, maar al hoe meer wetenskaplikes vind noodlottige gebreke in Darwin se teorie.

Wat is die waarheid? Het diegene wat Darwin se teorieë betwis 'n geldige argument? Kan

'n geleerde persoon die eise van die evolusionêre teorie rasionaal ontken? Wat beteken dit vir die skeppingsverhaal in die Bybel se boek Genesis? Onderrig die vertelling in Genesis letterlike waarheid of kan 'n Christen die Bybel aanvaar as God se Woord en tog glo dat evolusie God se gekose manier van skepping was? Is dit logies om in 'n Skeppergod te glo?

Die antwoorde op hierdie vrae kan u verras. Wanneer u **werklik** na die feite kyk, sal u vind dat dit die evolusioniste is wat geen argument het nie!

Maak geen fout nie: die konsep van evolusie deur natuurlike seleksie is die basis van 'n spesifieke wêreldsiening wat deur die meeste leiersfigure in beide onderwys en die media gedeel word. Darwin en sy opvolgers het 'n teorie verskaf wat 'n verskeidenheid biologiese feite saamsnoer in 'n samehangende geheel wat deur baie mense logies en aantreklik gevind word—selfs skitterend. In sy voorbladartikel van November 2004, verklaar *National Geographic*: “Evolusie is beide 'n pragtige en 'n belangrike konsep, nou meer beslissend vir die mens se welvaart, vir die mediese wetenskap en vir ons begrip van die wêreld as ooit tevore. Dis ook totaal en al oortuigend—'n teorie waarop u kan staatmaak” (bl. 8).

O, *werklik?*

Hierdie “pragtige konsep” het belangrike implikasies wat ons moet verstaan. Dan ook, lank nie “diep oortuigend” nie, vereis evolusie 'n mate van “blinde geloof”, wat die geloof wat verlang word van diegene wat die Bybel se weergawe van die skepping glo, ver oorskry. Let op die *National Geographic* se merkwaardige bekentenis: “die fossielrekord is soos 'n film oor evolusie waarvan 999 van elke 1 000 raampies op die redigeringsvloer beland het.” (*ibid.*, bl. 25). Terwyl hulle beweer dat die fossielbewyse Darwin se teorieë korrek bewys, vra die evolusionêre teorie van sy aanhangers om 'n veronderstelling te aanvaar waarvan 99,9 persent van die data vermis word!

Vra uself af: as u 'n film probeer kyk wat net een uit elke duisend raampies bevat, sou u die verhaal kon volg of die aksie wat plaasvind kon sien? Hoeveel sou jy weet van wat werklik gebeur het? Omtrent niks! Die “fossielrekord” waarna die evolusioniste verwys bestaan grootliks uit “vermiste skakels”.

Begrip van die evolusionêre wêreldbeskouing

Wat bedoel evolusioniste wanneer hulle sê dat Darwin se teorieë deurslaggewend is vir

ons begrip van die wêreld om ons? Eenvoudig gestel, bedoel hulle dat die evolusionêre teorie toon dat ons in 'n wêreld leef wat die gevolg is van *blinde toeval*, en **nie** die gevolg van 'n groot plan en doel nie. Met ander woorde, alle lewe—insluitend menselewe—is die newe-produk van natuurlike fisiese prosesse en nie iets wat deur 'n Almagtige Skepper geskenk is nie.

Bepiens die groot morele implikasies van hierdie teorie. Indien ons lewens die direkte gevolg is van 'n skeppingsdaad deur 'n werklike God, het daardie God moontlik iets te sê oor hoe ons daardie lewens lei. Hy kan ons aanspreeklik hou vir ons keuses. Indien ons lewens egter net toeval van biochemiese prosesse is, dan is daar geen Opperste Gesag aan wie die mensdom verantwoording hoef te doen nie, en geen nodigheid om die beperkinge van Bybelse moraliteit te handhaaf nie. Indien mense op stuk van sake bloot diere is, moet ons verwag dat hulle soos diere sal optree. Darwin se biologiese evolusieteorie het natuurlik die konsep van “sosiale Darwinisme” voortgebring—dat die samelewing voordeel trek wanneer sy swak en “onbevoegde” lede nie versorg word nie en selfs uitgewis word—soos die geval was in Nazi Duitsland toe “oorlewing van die geskikste” die regverdiging geword het vir die stelselmatige uitwissing van die Jode, Sigeuners en ander groepe wat as “onbevoeg”

beskou was deur die heersende gesag.

Het menselewe 'n groot voortreflike doel, of is ons eenvoudig 'n kolletjie op die skerm van evolusionêre tyd? Is ons geskep na die ewebeeld van ons Skepper, of is ons eenvoudig “ape wat broek dra”? Het ons 'n Skepper wat bepaalde wette onthul het wat goed en kwaad blootlê, of is sulke etiese en morele kodes bloot mensgemaakte kodes wat ontvou het en sal aanhou ontwikkel saam met die mens se samelewing? Sal 'n Skepper Sy skepping oordeel, of sal alle lewe 'n nihilistiese einde tegemoet gaan? Hierdie fundamentele vrae beïnvloed wie en wat ons is, en hoe ons lewe.

Evolusie verskaf een stel antwoorde op hierdie vrae. Die Bybel verskaf 'n totaal verskillende stel antwoorde. Hoe kan ons seker wees watter antwoorde korrek is?

Selfs voor Darwin, het wetenskaplikes die idee dat lewe van die eenvoudige tot die komplekse ontwikkel het, bespreek. Darwin het egter iets nuuts bygevoeg. Deur sy verduideliking van evolusie deur natuurlike seleksie, het Darwin die voorkoms van ontwerp probeer verduidelik sonder om die nodigheid van 'n ontwerper te erken. Die wyle Stephen Jay Gould, 'n bekende professor van Harvard Universiteit, wat vir jare onverpoosd gewerk het om die evolusionêre teorie gewild te maak, betwis hierdie punt in 'n beroemde voorlegging getitel

“*The Darwinian Revolution in Thought.*” Gould vertel sy gehoor in Nieu-Seeland se Victoria Universiteit dat Darwin se teorie inherent anti-plan, anti-doel en anti-betekenis is. Gould het dit gesien as 'n **deug** van die wêreldsiening wat voortspruit uit die aanvaarding van die evolusionêre teorie.

Daarenteen voorsien die Bybel die fondament vir 'n wêreldsiening oneindig verskillend van dié wat deur die evolusionêre teorie voorgestel word. Wanneer mense na ons wêreld kyk, gevul met so baie pyn, verdriet en dood, vra ons natuurlik: “Waarom?” Die evolusionêre teorie sê daar is geen plan, doel of betekenis om hierdie vraag te beantwoord nie. Die Bybel onderrig ons egter dat verdriet en dood die regstreekse gevolge is van **sonde**—van ongehoorsaamheid aan die Skepper (sien Genesis 3). Inderdaad, soos die apostel Paulus skryf: “Daarom, soos **deur een mens** die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het” (Romeine 5:12). Paulus verduidelik verder dat daar **verlossing** en **redding** van dood en verwoesting is: “Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word” (1 Korintiërs 15:21-22).

Evolusie stel 'n materialistiese wêreldsiening

voor waar dood altyd lewe vergesel het; dood word beskou as net nog 'n eienskap van die natuurlike wêreld. Volgens Darwin was daar geen Adam of Eva nie. Daar was geen slang nie. Daar was geen tuin van Eden nie. Daar was geen eerste sonde nie, maar indien ons nie Genesis 3 kan glo betreffende die eerste sonde en die huidige menslike toestand nie, het ons geen logiese basis om Johannes 3 betreffende God se oplossing vir sonde en die dood deur die gawe van Sy Seun en ons Verlosser, Jesus Christus, te glo nie! Indien ons Genesis 3 beskou as beeldspraak of 'n leuen, dan word Christus se offerande ook per definisie vereenvoudig tot beeldspraak en 'n leuen. Evolusie en die Bybel is eenvoudig **nie** verenigbaar nie. Enigiemand wat beweer dat hulle **in albei** glo, wys eenvoudig dat hulle **nie een** van die twee verstaan nie!

Wat is die bewyse?

Enigiemand kan 'n teorie uitdink, soos Darwin gedoen het. 'n Teorie staan of val egter op grond van die bewyse. Staaf of weerlê die bewyse evolusie? Sien ons evolusie tans plaasvind? Kan dit in die laboratorium herhaal word? Indien die mensdom en ander wesens wat ons wêreld bewoon, geleidelik oor miljoene jare uit eensellige lewensvorme ontwikkel het, moet daar sekerlik fossielbewyse wees van oorgangsspesies. Indien veranderings op stuk van sake stadig voorgekom het en die

“natuur” net die doeltreffendste gekies het terwyl die ander uitgesterf het, dan behoort die oorgangsspesies die ander waarmee ons vertrou is, **by verre te oorskry**.

Die fisiese bewyse vir evolusie is so minimaal (soos bo genoem, 999 uit elke 1 000 vereiste bewysstukke word vermis) dat evolusioniste soms taamlik liggelowig voorkom in hul soeke na bewyse. Let byvoorbeeld op die opwinding in 1999 wat die ontdekking van fossielbewyse wat veronderstel was om 'n sleutelstap in die evolusie van dinosourusse te “bewys,” meegemaak het. In November 1999 het 'n *National Geographic* tydskrif se opskrif trots die nuus verkondig: “Nuwe voëlagtige fossiele is vermiste skakels in evolusie van dinosourusse.”

Onderaan 'n foto van die fossiele, verkondig 'n byskrif: “Hierdie wese wat in die Liaoning Provinsie in China ontdek is, is 'n ware vermiste skakel in die komplekse ketting wat dinosourusse en voëls verbind.” Die fossiel is 'n oorgangsspesie genoem, en was deur wetenskaplikes die naam *Archaeoraptor* gegee. Gedurende laat 1999 was dit trots tentoongestel by die hoofkantoor van die *National Geographic* Vereniging in Washington, D.C. Maar toe kom “die res van die storie”.

Verdere navorsing het laat blyk dat wetenskaplikes per slot van sake tog nie die “vermiste skakel” tussen voëls en dinosourusse gevind het nie. In

die 14 Februarie 2000 uitgawe van *U.S. News & World Report*, kon die redakteurs dit nie weerstaan om hulle verleë ampsgenote by *National Geographic* uit te tart nie met 'n artikel wat hulle: “The Piltown Chicken” getitel het. Soos die artikel verduidelik het, “is paleontoloë in die verleentheid. Pleks van 'n ware vermiste skakel” wat dinosourusse en voëls verbind, blyk dit dat die monster 'n samestelling is, waarvan die buitengewone aanhangsel heel moontlik deur 'n Chinese plaasboer aangeheg is, nie deur evolusie nie. Die 'baie slegte nuus', wat op 20 Desember per e-pos van Chinese paleontoloog en mede-navorser Xu Xing gelewer is, het die debat oor die oorsprong van voëls weer laat opvlam” (bl. 53).

'n Onskuldige besoeker aan die museum wat na die tentoonstellings in 'n museum van natuurgeskiedenis kyk, kan maklik oortuig word dat die fossielrekord baie bewyse lewer van die oorgang van een spesie na die ander. Wanneer daar na lewensgetroue afbeeldings van die moderne mens se beweerde aapagtige voorouers gekyk word, sal die gemiddelde mens stomgeslaan wees om uit te vind op grond van hoe min bewyse die gedetailleerde afgewerkte “rekonstruksies” gewoonlik gemaak is. Neem byvoorbeeld die geval van “Lucy,” wat deur sommige mense aangeprys word as die “oudste mens.” 'n Klein stukkie van die bokant van 'n skedel, met 'n tand en 'n stukkie skeenbeen—wat meer

as 13 meter van mekaar af in die grond verstrooi gevind is—het gedien as die grondslag vir hierdie “wetenskaplike” rekonstruksie. Sulke uitstallings onthul veel meer van die verbeelding en talent van die kunstenaars as wat hulle onthul van die oorspronklike voorkoms van wat eintlik gevind was.

Soms bereik evolusioniste sulke vergesogte gevolgtrekkings dat 'n mens regtig kan wonder of hulle werklik ernstig is. Neem hierdie verklaring deur *National Geographic*, aangaande die ontdekking wat deur paleontoloog Philip Gingerich gemaak is, wie jare deurgebring het in die navorsing van die herkoms van walvisse: “In die jaar 2000 het Gingerich 'n nuwe ondersoekterrein in Pakistan gekies, waar een van sy studente 'n enkele stukkie fossiel gevind het wat die heersende insig in paleontologie verander het. Dit was die helfte van 'n katrolvormige enkelbeen, bekend as 'n astragalus... Skielik het hy besef hoe naverwant walvisse en wildsbokke is. Dit is hoe die wetenskap veronderstel is om te werk. Idees kom en gaan, maar die geskikste oorleef. In sy kantoor op die onderste verdieping het Phil Gingerich 'n monsterlaai oopgemaak om vir my party van die werklike fossiele te wys wat gebruik was om die vertoonskelette op die boonste vloer te modelleer. Hy sit 'n klein klontjie versteende been, **niks groter as 'n tapmoer nie**, in my hand. Dit was die bekende

astragalus, afkomstig van die spesie wat hy uiteindelik *Artioocetus clavis* genoem het” (“*Was Darwin Wrong?*” November 2004, bl. 31).

Gengerich glo dat hy die verbintenis tussen walvisse en wildsbokke “bewys” het met 'n fossiel die grootte van 'n tapmoer? **Hoe vergesog!**

Afgesien van die fossielrekord—waar selfs evolusioniste erken dat 999 uit elke 1 000 items wat hulle soek, vermis word—waar is die bewyse om Darwin se teorie te bewys? Evolusionêre wetenskaplikes soek ondersteuning deur te wys na variasies binne 'n enkele spesie. Duiwe verskil byvoorbeeld in grootte en kleur. Op sy reis na die Galápagos eilande het Darwin klein bruinerige voeltjies, wie se bekkies variasies in hul grootte en fatsoen vertoon het, versamel. Darwin het hierdie patroon van ongelyksoortigheid as bewys van evolusie vertolk, en as die wyse waarop verskillende spesies ontstaan het.

Daar is egter 'n ontsaglike verskil tussen die “mikro-evolusie” wat net 'n variasie binne 'n bepaalde soort wese is en die “makro-evolusie” wat sou veroorsaak dat 'n hele nuwe soort wese sal ontwikkel. Honde, byvoorbeeld, vertoon ontsaglike verskeidenheid in grootte, vorm en kleur. Tog is hulle almal honde en in hul verskille is hulle nie besig om in iets anders te verander nie. Die genoegsame bewys van verskeidenheid en

aanpasbaarheid binne spesies wys eenvoudig die wonderbaarlike ingenieurswese wat God gebruik het in die ontwerp van Sy Skepping.

Bewys vir intelligente ontwerp

Evolusioniste sê dat alle lewe ontwikkel het uit “eenvoudige” eensel organismes. Maar hoe “eenvoudig” is die eenvoudige sel? In onlangse jare, het die ontwikkeling van kragtige elektron-mikroskope onthul dat die “eenvoudige” sel tog nie werklik so eenvoudig is nie!

Jonathan Sarfati is 'n navorsingswetenskaplike in Australië. Hy het 'n doktorsgraad in natuurkundige skeikunde van Victoria Universiteit in Wellington, Nieu-Seeland, en het geskryf oor die ingewikkeldheid van “eenvoudige” lewensvorme. Sy navorsing het bevestig dat selfs die eenvoudigste selfvoortplantende organismes veelomvattende hoeveelhede komplekse inligting bevat. Die *mikoplasma genitalium*, wat die kleinste bekende genoom het, bevat 482 gene bestaande uit 580 000 basiese pare.

Maar dis nie al nie. Die ontdekking van DNS (*deoksiribonukleïensuur*) en die genetiese kode van die lewe was een van die 20ste eeu se belangrikste wetenskaplike ontdekkings. Wetenskaplikes het bevind dat elke lewende organisme DNS besit, 'n gespesialiseerde molekule wat die “kode” bevat wat metabolisme, herstel, herhaling

en gespesialiseerde funksies beheer. Hoe werk DNS? Navorsers het 'n vierletter genetiese “alfabet” geïdentifiseer wat gevorm is in drieletter volgreekse genaamd *kodonne*. Dit voorsien die “aanwysing” vir DNS. Selfs die eenvoudigste bakterium het 'n genoom van omtrent een miljoen *kodonne*. Soos dr. John Baumgardner, 'n geofisikus by die Los Alamos Nasionale Laboratorium, vra: “Verrys gekodeerde algoritmes wat 'n miljoen woorde lank is, spontaan deur middel van enige bekende natuurproses? Is daar enigiets in die wette van fisika wat te kenne gee hoe sulke strukture op 'n spontane wyse kan verrys?”

Baumgardner antwoord sy eie vraag met 'n eerlike beraming: “Die eerlike antwoord is eenvoudig. Wat ons tans van termodinamika en gegewensteorie verstaan, betwis oortuigend dat hulle nie so verrys nie en ook nie kan nie”.


Indiendie teorie van evolusie nie selle met miljoen kodonne kan verduidelik nie, wat is dan die verduideliking? Is daar bewyse van intelligente ontwerp agter die wêreld wat ons om ons sien? Al hoe meer wetenskaplikes begin erken dat dit inderdaad die geval is. Een van die bekendste voorstanders van intelligente ontwerp is dr. Michael Behe, 'n professor in biochemie aan Lehigh Universiteit en die skrywer van *Darwin's Black Box*. Dr. Behe sien “onherleibare kompleksiteit” in die mikroskopiese werkinge van die

sweephaartjies en die oog. Sweephaartjies—klein sweepagtige aanhangsels op mikrobe—het 'n molekulêre motor so ingewikkeld dat selfs baie wetenskaplikes toegee dat dit voorkom asof dit ontwerp is. Party mense redeneer dat die sweephaartjies op sigself “onherleibaar kompleks” is; ander stel voor dat dit twee onherleibare substelsels bevat wie se koördinasie nie deur evolusie verduidelik kan word nie. In die geval van die oog, daag dr. Behe die evolusioniste uit om die 11-*cis*-retina molekule te verduidelik, wat met lig reageer om die biochemiese proses wat visie bewerkstellig, te aktiveer. Let ook op die ingewikkelde sellulêre argitektuur van die retina—indien selfs 'n enkele komponent verwyder word, faal die hele stelsel.

Ons kan aangaan en aangaan om gespesialiseerde skeppings van bombardeerkewers tot houtkappers te bespreek. Ons kan die lewenssiklus en migrasie patrone van koningvlinders ondersoek of selfs die sonar van vlermuise. Hoe meer ons na die skepping kyk, hoe meer bewyse vind ons van ontwerpe en van onherleibare kompleksiteit. Ons lewe in 'n heeal van onderling verwante kompleksiteit, *nie* een van blotetoeval nie.

Met al die natuurkundige getuienis wat op intelligente ontwerp dui, waarom is daar so baie geleerde mense wat hardnekkig klou aan 'n

onbewysde teorie wat nie eens 'n teorie in die strengste wetenskaplike gebruik van die woord is nie, maar eerder 'n noodlottig gebrekkige *veronderstelling* is? Byna twee millennia gelede, het die apostel Petrus die teenstrydigheid van oorsprong voorspel en die rede daaragter verduidelik: “Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom **wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel** en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. **Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God**” (2 Petrus 3:3-5). Met verontagsaming van die getuienis van rampe van eeue gelede wat die ingryping van God in oordeel aandui, klou hulle aan 'n leerstelling van eenvormigheid. Indien alles eenvoudig voortgaan met baie stadige veranderings, dan hoef ons nie bekommerd te wees dat God skielik tot die geskiedenis sal toetree en Sy Skepping tot verantwoording roep nie.

Moenie 'n fout maak nie: Die bewyse van die skepping vereis 'n Skepper! Daardie Skepper onthul in Sy woord dat Hy eersdaags tussenbeide gaan tree om Sy Skepping te oordeel. 'n Tyd van afrekening kom—en kom gou, binne die leeftyd van meeste mense wat hierdie artikel lees. Is u gereed? 

Het Jesus die Sabbatsgebod oortree?

Deur Rod Reynolds

Feitlik enigiemand wat aan Christendom blootgestel is, weet dat Jesus Christus in 'n milieu grootgeword het wat gedrenk was in Ou Testamentiese skrifture; Hy het dit geken, aangehaal en daarvolgens geleef.

Of het Hy? Party mense glo dat Jesus die wet onderhou het sodat niemand ná Hom dit hoef te doen nie. Ander mense sê dat Hy nuwe betekenis onthul het deur ou wette. Baie mense glo egter dat Jesus “weggebreek het” van die ou Wette en in Sy oortreding van die wet 'n nuwe lewenspatroon vir Sy volgelinge vasgestel het.

Deesdae sê selfs baie van diegene wat hulself vriende van Jesus noem, dat Hy die wet oortree het. Dit was egter aanvanklik—gedurende Sy leeftyd op aarde—Sy vyande wat daardie aantyging gemaak het.

Omdat Jesus wonderwerke van genesing op die Sabbat gedoen het, het sommige Fariseërs Hom daarvan beskuldig dat Hy die Sabbatsgebod oortree (Mattheus 12:10; Markus 3:2, Johannes 9:14-16). Johannes teken aan dat Jesus iemand genees het gedurende een van die feeste in Jerusalem. Die evangelie volgens Johannes teken aan wat volgende gebeur het, toe Jesus sy aanklaers konfronteer: “En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook. Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het” (Johannes 5:17-18). Hieruit neem baie mense aan dat die Fariseërs se aantygings—dat Jesus die Sabbatsgebod oortree het—korrek was en dat dit Christene gevolglik vrystaan om dit te doen.

Die Bybel teken ook aan dat Jesus se dissipels op die Sabbat deur gesaaides geloop het toe hulle koringare gepluk en geëet het. Toe hulle dit sien, vra van die Fariseërs: “Waarom doen julle wat nie geoorloof is om op die sabbat te doen nie?” (Lukas 6:2). Baie mense aanvaar dat die Fariseërs se aantyging korrek is en dat Jesus en Sy dissipels

deur hul optrede nie die Sabbat onderhou het nie.

Om te verstaan waaroor hierdie vertellings gaan, is dit nuttig om iets te verstaan van die rabbynse tradisie wat stand gehou het agter die klagtes van Sabbatsoortreding wat teen Jesus en Sy dissipels aanhangig gemaak is. In Jesus se tyd het die Fariseërs se tradisie ontwikkel tot 'n verskeidenheid onbeduidende reëls wat te doen gehad het met die kleinighede van die wet. Dit het gefokus op fisiese werke wat min te doen gehad het met die gees en bedoeling van die wet en wat die wet trouens dikwels oortree het (Mattheus 15:1-9; Markus 7:1-13; Johannes 7:19; Galasiërs 6:13).

Die skrifgeleerdes onder die Fariseërs het die Fariseïese rabbynse tradisies geskep en oorgedra. Die versameling van tradisionele wette wat hulle opgetrek het, naamlik die *Halakah* (wat in die *Mishnah* bewaar word), is *ekstra*-Bybels. Hoewel dit gesaghebbend is vir die Jode wat die Fariseïese tradisies navolg, word groot dele van die Halakah nie regstreeks deur die Bybel gerugsteun nie, maar is bedoel as 'n “verskansing” om die wet, om enige moontlike oortreding van die wet te voorkom.

Ironies genoeg, in 'n poging om wetsonderhouding te verseker deur 'n “verskansing” om die wet te plaas, het die Fariseërs die wet **oortree**, want God sê: “Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel” (Deuteronomium 4:2; ook 12:32). Deur die gewig van hul tradisie agter die wet van God te gooi, het hulle “pakke saam[gebind] wat swaar en moeilik is om te dra, en dit op die skouers van die mense [gesit]” (Mattheus 23:4).

Die Fariseërs het die gesag van hul tradisies bo dié van die Bybel self gestel, dus het hulle teen die Woord van God opgetree. Die Bybelgeleerde, Joachim Jeremias, bevestig dat die mondelinge tradisie vir die Fariseërs “verhewe was bo die

Tora” en dat die geheimsinnige geskrifte wat die leringe van skrifgeleerdes bevat het, as geïnspireer geag is endat dit die kanonieke boeke “in waarde en heiligheid” oortref het (*Jerusalem in the Time of Jesus*, bl. 236, 238-239). Alfred Edersheim dui ook daarop dat die tradisionele wet van “selfs groter verpligting was as die Bybel self” (*The Life and Times of Jesus the Messiah*, Boek I, 1.98).

Wat was die aard van hierdie tradisionele vieringe? “Die *Halakah* toon met die kleinste en pynlikste nougesetheid [aandag aan besonderhede] elke wetlike verordening met betrekking tot uitwaartse onderhouding... Maar daarbenewens het dit die innerlike mens en die oorsprong van optrede onaangeroer gelaat.” In herhaling van wat Jesus sê (Markus 7:5-13), gaan Edersheim voort: “Israel het die Wet nietig verklaar deur sy tradisies. Onder 'n las van uitwaartse verordeninge en vieringe, is die gees daarvan vernietig” (Boek I, 1.106, 1.108).

Die soms absurde teenstrydighede binne die Fariseïese wet is veral duidelik in die reëls van Sabbatviering. Edersheim skryf: “Oor geen ander onderwerp is Rabbynse leringe meer pynlik haarfyn en klaarblyklik meer onverenigbaar met sy verklaarde doelwit nie”. Edersheim verkla die skrifgeleerdes van “vreeslik oordrewe sienings oor die Sabbat” en “grenslose beswarende reëls waarmee hulle alles belas wat met die heiligheid daarvan te doen het” (*ibid.*, Boek II, 2.52, 2.53). “In nie minder nie as vier-en-twintig hoofstukke [van die *Mishna*] word aangeleenthede dringend bespreek [betreffende die Sabbatsviering] as van noodsaaklike godsdienstbelang, wat 'n mens jou skaars sou indink iemand met regdenkende intellek met erns sou bejeën.” Tog “is daar in al hierdie vermoeiende besonderhede nie 'n enkele beduidenis van enigiets geestelik nie—nie eens 'n woord om dieper denke oor God se Heilige Dae en die viering daarvan voor te stel nie” (*ibid.*, 2.778-779).

Die wet sluit byvoorbeeld gedetailleerde regulasies in oor wat 'n “las” sou behels wat nie op die Sabbat gedra kon word nie; byvoorbeeld, stukke papier, perdehare, was, 'n stukkie gebreekte erdeware of dierekos. Oor die algemeen was 'n las enigiets so swaar soos 'n gedroogde vy of 'n hoeveelheid wat genoeg is vir enige praktiese gebruik (byvoorbeeld 'n stuk

papier groot genoeg om te gebruik vir 'n nota of om iets mee toe te draai). Dit skryf voor wat gered mag word en wat nie, sou jou huis aan die brand slaan. Slegs die absoluut noodsaaklike kledingstukke, kon gered word. 'n Mens kon egter 'n uitrusting aantrek, dit red, dan teruggaan en iets anders aantrek. 'n Mens kon nie 'n Griek [heiden] vra om die vlamme te blus nie, maar indien hy dit uit sy eie sou doen, moet hy nie verhinder word nie. 'n Mens kon kos wettig op die Sabbat eet, mits dit spesifiek op 'n weekdag vir die Sabbat voorberei is. As 'n hen 'n eier op die Sabbat gelê het, mag dit nie geëet word nie, maar indien die hen aangehou is om vet te voer en nie vir lêdoeleindes nie, mag die eier geëet word omdat dit dan beskou is as deel van die hen wat afgeval het! Hierdie regulasies beskou studie van die *Mishna* op die Sabbat belangriker as Bybelstudie. Die *Hagiographa* (die Ou Testamentiese “Skrywes”) moes nie op die Sabbat gelees word nie, behalwe in die aand. Daar is ook baie soortgelyke voorbeelde.

Vir ons is die wette betreffende oes en genesing op die Sabbat van besondere belang. Selfs die geringste aktiwiteit wat die pluk van graan behels—verwydering van die doppe, vryf van die are, skoonmaak of kneus van die are of om hulle in die hand op te gooi—was verbode. Tog, wanneer 'n mens 'n gerf van sy gesaaides wou verwyder, moes hy net 'n lepel daarop neerlê; dan, ten einde die lepel te verwyder, kon hy ook die gerf verwyder waarop dit gelê het!

Daar moet kennis geneem word dat, anders as die Fariseërs (wat redelik min in getalle was), het die meeste van die Jode van Jesus se tyd min aandag aan hierdie nietige reëls geskenk.

Toe die Fariseërs gekla het oor Jesus se dissipels wat op die Sabbat koringare pluk en eet, kon Jesus (soos Hy dikwels gedoen het) die teenstrydighede in die Fariseïese wet uitwys. Jesus noem hoe Dawid en sy volgelingen, toe hulle uitgehonger vir hul lewens gevlug het, die toonbrode geëet het toe daar geen ander kos beskikbaar was nie, hoewel dit normaalweg net vir die priesters beskore was (Mattheus 12:3-4; Markus 2:25-26; Lukas 6:3-4; 1 Samuel 21:1-6). Selfs die Fariseïese wet stem op hierdie punt ooreen met die oorspronklike geskrewe wet, wat Dawid se besluit toe sy lewe in gevaar was, regverdig (Edersheim, Boek II, 2.58). Jesus sê bloot: “En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die

tempel, is hier. Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie; want die Seun van die mens is Here óók van die sabbat” (Mattheus 12:6-8).

Die Sabbatsgebod is natuurlik 'n afsonderlike kategorie as die verordeninge oor die offers. Tog, omdat die Joodse wet toegelaat het dat 'n mens op die Sabbat kos en water vir jou diere gee om onnodige lyding te verhoed, sou hierdie beginsel logies gesproke en vanselfsprekend van toepassing wees op mense ook—in hierdie geval, Jesus se dissipels—wat die enigste kos geëet het wat geredelik beskikbaar was op die tyd.

Hierdie strydpunt sou nooit moontlik gewees het, was dit nie vir die Fariseërs se oordrewe sienings oor optrede wat verbode of toelaatbaar was op die Sabbat nie. Die priesters in die Tempel het op die Sabbat gewerk, tog was hulle onskuldig (Mattheus 12:5). Die skrifgeleerdes het dit geweet, maar blykbaar nie duidelik verstaan waarom dit so was nie. Op die een of ander wyse het hulle die punt gemis dat God die Sabbat ingestel het, nie net om mense rus te gee van fisiese werk nie, maar ook om hulle tyd te gee om aan God te wy deur Sy werke te doen en Hom te dien. Die dissipels se optrede was “duidelik nie 'n oortreding van die Bybelse wet nie, maar van die Rabbyne wet” (Edersheim, Boek II, 2.56). Jesus sê dat die Fariseërs, wat nie die wet verstaan nie, die “onskuldiges ... veroordeel” (Mattheus 12:7). Dit is duidelik dat die dissipels vals beskuldig is en *nie skuldig* was aan oortreding van die Sabbatsgebod nie.

Omdat genesing werk kon behels, het Fariseïese wet dit slegs op die Sabbat toegelaat as dit gedoen moes word om 'n lewe te red of die dood te voorkom. 'n Pleister mag dus op 'n wond geplaas word as die doel daarvan was om te verhoed dat dit vererger, maar nie om dit te genees nie. Tog, daarenteen, mag 'n splinter uit die oog verwyder word of 'n doring uit die vlees, hoewel dit geen onmiddellike lewensgevaar ingehou het nie. Verder kon 'n dier uit 'n put verwyder word of na water gelei word op die Sabbat.

Toe die Fariseërs Jesus beskuldig het dat Hy die wet oortree het deur op die Sabbat te genees, kon Hy weer hul geveinsdheid onthul deur hul eie teenstrydige reëls te gebruik. Eerstens sal ons Jesus se erkenning dat Hy op die Sabbat gewerk

het, ondersoek. Die Sabbatswet is, deels: “Ses dae moet jy arbei en al *jou* werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie” (Eksodus 20:9-10). Let daarop dat die werk wat op die Sabbat verbode is, “*jou* werk” is. Die wet verbied nie werke van diens aan God nie. Inderdaad, die einste rede waarom ons gebied word om ons van ons eie werk te weerhou op die Sabbat, is sodat ons ons tyd kan wy aan die werk om God te eer en dien; sodat “jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie” (Jesaja 58:13). Hier is dit duidelik dat dit *ons eie werke* is—die verloop van ons daaglikse sake—wat ons op die Sabbat moet vermy. Aan die ander kant moet ons God op die Sabbat *eer*. Om aan God eer te gee, behels dikwels werk—“goeie werke”.

'n Noukeurige studie van die Bybel onthul dat ons ons gewone of ongewyde werk op die Sabbat moet staak, sodat die tyd aan God se heilige doel gewy kan word, maar implisiet tot die Sabbatsgebod is dat ons werk doen wat nodig is om die geestelike mikpunt en betekenis van die Sabbat te vervul. Op die eerste Sabbat het God gerus van Sy werk van die fisiese skepping, maar Hy het die werk gedoen om die Sabbat te skep, dit te seën en te heilig (Genesis 2:2-3; Markus 2:27). Die weeklikse en jaarlikse Sabbatte is verklaar as “heilige samekomste”—bevole vergaderings met die doel om saam te kom om onderrig in God se Woord te ontvang en as gemeente te aanbid (Levitikus 23:2, 4). Dit sluit die “werk” in wat vereis word om na die plek van samekoms te reis en om te luister, te leer en deel te neem aan die aanbiddingsdiens. Diegene wat opdrag gegee is om onderrig te gee, het die werk gedoen om God se Woord te lees en te verduidelik. Op sulke geleenthede het mense gewoonlik die werk gedoen van eet en drink, met mekaar te deel en hulle te verheug in die heilige dag en die waarheid van God se Woord (Nehemia 8:1-12). Ander vanselfsprekende werk in die gebod is ook verrig. Selfs op die mees gewyde dag van die jaar—die Versoendag—het die priesters die werk gedoen om die diere te slag en offers voor God te bring, volgens die vereistes van die wet (Levitikus 16).

Die werk om God te eer en te aanbid is *nie* verbied op die Sabbat nie. Dit is inderdaad die *doel* van die Sabbat. Dit is waarom die priesters op die Sabbat kon werk en nie skuldig was nie. Hulle werk was 'n noodsaaklike deel van die Sabbatsverpligting van die gemeente om God te eer en te dien. Dit was, in daardie sin, nie hulle werk nie, maar God se werk wat gedoen is. Vroeg in Sy bediening, een Sabbatdag, het Jesus kortliks aangekondig watter werk Hy gestuur is om te doen. Sy werk was om die evangelie te verkondig, te genees (beide fisies en geestelik) en om te bevry van onderdrukking (Lukas 4:18-19). Die werk wat Jesus gedoen het, was nie Sy werke nie, maar God se werke waarvoor Hy gestuur is om te doen (Johannes 4:34; 9:4; 17:4). Genesing was 'n integrale deel van Christus se bediening. In volmaakte harmonie met dít wat die Sabbatsrus uitbeeld—en in harmonie met die evangelieboodskap—het Jesus se genesings die fisiese en geestelike genesing uitgebeeld wat Christus tydens die Millennium sal doen, wanneer die Koninkryk van God op die aarde gestig is (sien Jesaja 35:5-6; 57:16-20; Jeremia 30:10, 17; Esegïel 47:8-10).

Toe Jesus op die Sabbat genees het, het Hy nie die Sabbat verbreek nie, maar dit *vervul*, want 'n mens rus nie wanneer jy bedroef, onderdruk of onder siekte of swakheid gebuk gaan nie. Soos baie teksverse aantoon, verheug dit God om diegene wat bedroef is, te verlos en te genees en om hulle die rus te gee waarvan Sy Sabbat 'n voorbeeld is. God “[hoor] die geroep van ellendiges. En gee Hý rus, wie durf *Hom* dan veroordeel?” (Job 34:28-29). Gebonde deur hul vals tradisies, het die Fariseërs probeer moeilikheid maak vir die Messias, deur Hom te verdoem omdat Hy vir diegene wat Hy genees het, rus gegee het van hul smarte.

Hulle moes Hom eerder geprys het. Waar die psalmis praat van diegene wat bedroef is en op die rand van die dood staan, skryf hy: “Toe het hulle die HERE aangeroop in hul benoudheid; uit hul angste het Hy hulle verlos. Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon *gesond maak* en hulle uit hul kuile red. Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en om sy wonderdade aan die mensekinders; en laat hulle *lofoffers* bring en met gejubel sy werke vertel” (Psalm 107:19-22).

Jesus antwoord diegene wat Hom van

Sabbatskending beskuldig: “As 'n mens die besnydenis op die sabbat ontvang, *sodat die wet van Moses nie verbreek mag word nie*, is julle kwaad vir My, omdat Ek 'n mens op die sabbat heeltemal gesond gemaak het? Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel” (Johannes 7:23-24).

Soos ons gesien het, toe Johannes skryf dat Jesus “die sabbat gebreek het” (Johannes 5:18), het Hy Jesus se optrede vanuit die Fariseërs se oogpunt beskryf (vergelyk 9:14-16). Diegene wat sê dat Jesus wel die Sabbat gebreek het, stem saam met Christus se vyande—Sy aanklaers—dat Jesus se wonderwerke van genesing 'n oortreding was van die Sabbatswet. Hulle stem saam met Jesus se aanklaers dat Hy 'n Sabbatskender was. Om konsekwent te wees, moet hulle ook met die Fariseërs saamstem toe hulle van Christus gesê het: “Ons weet dat hierdie man 'n sondaar is” (vers 24). Die blinde man wat genees is, het van beter geweet en gesê: “En ons weet dat God nie sondaars verhoor nie; maar as iemand godvresend is en sy wil doen, dié verhoor Hy” (vers 31).

Toe Jesus op die Sabbat genees het, het Hy nie God se wet oortree nie. Deur Sy optrede het Hy die ware toepassing van God se wette—eerder as die Fariseïese wette—getoon, dat dit “dan *geoorloof* [is] om op die sabbat goed te doen” (Mattheus 12:12). Die “wet” wat Jesus oortree het, was 'n mensgemaakte reël wat op sigself teen die beginsels van God se wet was.

Onthou: As Jesus Christus in der waarheid die Sabbat gebreek het, sou Hy gesondig het, maar die Skrif sê dat Hy “geen sonde gedoen het nie” (1 Petrus 2:22). As Hy gesondig het, sou Hy nie ons Verlosser kon wees nie, maar omdat Hy onbesmet en afgeskeie van sondaars was, kon Hy Homself sonder gebrek en vlekkeloos vir ons redding tot God offer (Hebreërs 7:26; 9:14; 1 Petrus 1:18-19). Nee, Jesus het nie die Sabbatsgebod oortree nie. Hy het die Sabbat deurgebring deur te preek, te onderrig, te genees, God te eer en die goeie werk van Sy bediening te doen—die werk van God.

Die rekord van die Skrif is dat Jesus die Sabbat getrou onderhou het, soos God bestem het dit onderhou moes word. Daarin het Hy vir ons 'n voorbeeld gestel. “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Johannes 2:6). **WVVM**

Die antwoord op onverhoorde gebede

Deur Richard F. Ames

Bid u gereeld? Wanneer u bid, verwag u 'n antwoord?

Volgens 'n *U.S. News & World Report* meningspeiling wat in Desember 2004 vrygestel is, sê meer as 40 persent van Amerikaners dat hul gebede “gereeld verhoor word”. Slegs 1,5 persent meen hul gebede word “nooit” verhoor nie. Bykans twee derdes, 64 persent, sê hulle bid minstens eenmaal per dag.

Word u gebede dikwels verhoor? Indien nie, waarom nie? Is daar iets wat u kan doen om dit waarskynlik te maak of selfs te verseker dat God u gebede sal verhoor? U Bybel onthul die antwoord op hierdie belangrike vraag.

Eerstens moet ons vra: is God in staat om selfs die mees onwaarskynlike gebed te verhoor? Hier is wat die apostel Paulus skryf: “En aan Hom wat mag het om te doen **verbo alles wat ons bid of dink**, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen” (Efesiërs 3:20-21). Glo u dit? God se mag om gebede te verhoor, oortref u vermoë om te vra by verre.

God sê vir ons om in gebed na Hom te kom. In sy beroemde “Bergpredikasie”, onde

Jesus Christus: “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word. Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!” (Mattheus 7:7-11).

Kan u u dit voorstel? God—ons Vader—**wil** vir ons goeie dinge gee! Hy wil hê ons moet op Hom steun, op Hom staatmaak en op Hom vertrou! Soms bid ons egter en dit voel nie of ons 'n antwoord kry nie. Hoe kan ons dan op Hom staatmaak en Hom vertrou? Waarom blyk dit soms of ons gebede nie verhoor word nie?

Wat is God se reaksie?

Ons kan 'n paar maniere identifiseer waarop God op ons gebede reageer. Soms reageer Hy met 'n vinnige en eenvoudige “ja”. Soms sal Hy sê “ja”, maar eers nadat ons vir 'n ruk lank geduldig gewag het. Sy reaksie is ander kere positief, maar nie die “ja” wat ons verwag het nie—moontlik is dit ongewone

omstandighede of voorvalle wat die onderwerp van ons gebede beïnvloed. Soms sal Hy 'n gebed verhoor, maar bekend maak dat die antwoord “nee” is. Laastens—en dit is soms die moeilikste antwoord om te ontvang—sê Hy partykeer “nie totdat jy jou bekeer het nie; tot dan moet jy beproewinge deurmaak en sekere lesse leer.”

Vanselfsprekend verkies ons almal 'n eenvoudige “ja” antwoord op ons gebede. Ons voel soms ons het God se hulp of verlossing spoedig nodig. Koning Dawid van antieke Israel het beslis so daarvoor gevoel. Wanneer u baie van die Psalms van Dawid lees, kan u sy opregte benadering tot kommunikasie met God verstaan. U kan daaruit leer en dit in u eie gebede toepas. Toe Dawid eenkeer gevra het om van sy vyande verlos te word, het hy tot God geroep: “O God, **maak tog gou** om my te red, o Here, om my te help! Laat hulle wat my lewe soek, beskaamd staan en rooi van skaamte word; laat hulle wat behae het in my ongeluk, agteruitwyk en in die skande kom...; Here, **vertoef tog nie!**” (Psalm 70: 2-3, 5).

Dawid het nie geskroom om God te vra om hom spoedig te help nie! God het Dawid se gebede herhaaldelik verhoor en hom van sy vyande verlos. U kan

van Dawid se lewe en sy eensgesindheid met God in 1 en 2 Samuel en 1 en 2 Kronieke lees.

In die Nuwe Testament vind ons baie voorbeelde van verhoorde gebede. Toe die Apostels ten tye van 'n stormagtige nag op 'n skuit in die see van Galilea was, was hulle angsbevange totdat hulle Jesus op die water na hulle toe sien loop het. Jesus het hulle bemoedig en op Sy bevel het Petrus op die water na Hom toe begin stap. Petrus het egter toe sy geloof verloor. “Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!” (Mattheus 14:30).

Wat was Jesus se antwoord? Het Hy gesê “ Nee Petrus, Ek gaan jou laat verdrink”. Nee! In teenstelling daarmee het Jesus eerder “dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?” (vers 31).

Wanneer iemand innig na God roep vir hulp, kan God onmiddellik ingryp—selfs al het die persoon, soos in die geval van Petrus, min geloof. God kan selfs so 'n ingryping gebruik om ons geloof te versterk. Let op “Daarop klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê. Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!” (vers 32-33).

Jesus kan vir ons ingryp omdat Hy die Seun van God is. Christene het die magtiging en voorreg om in gebed voor God se troon te verskyn. Jesus het sy

dissipels geleer dat: “En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee” (Johannes 16:23). Om in die naam van Jesus te vra, is om met Sy gesag te vra. Wanneer ons voor God se troon verskyn, is dit nie uit eie gesag nie. Ons moet nederig in die gesag van ons Verlosser verskyn. Presies hoe belangrik is nederigheid? Onthou dat dit die Tollenaar (belastinggaarder) was wat gebid het: “O God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13). Waar Jesus sy nederigheid met die arrogansie van die Fariseër vergelyk, sê Hy: “Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word” (vers 14).

Presies hoe behoort ons te bid? In Mattheus 6:6 sê Jesus ons moet na 'n “binnekamer” of kamer gaan—enige privaat plek sal trouens geskik wees. U sal moontlik langs u bed kniel nadat u opgestaan het en voor u gaan slaap. Kry 'n privaat plek en begin net met God te praat. Deel u dankbaarheid. Deel u hoop. Deel u vrese en bekommernis. Praat net met God soos met 'n vriend, met diepe respek, eerlikheid en openhartigheid. U het nie indrukwekkende woorde of formele taalgebruik nodig nie.

Dit is nuttig as u u Bybel byderhand het wanneer u bid. Wanneer u u woorde met Hom deel, is dit goed om Sy woorde

aan ons te onthou soos dit in Sy Woord staan. U sal moontlik deur een van die Psalms te lees, geïnspireer word in u gebed. Lees hoe Dawid tot God geroep het. Hy wou God se leiding hê, nie net 'n antwoord nie, maar die regte en goddelike antwoord wanneer hy gebid het. Dawid wou homself onderwerp aan God se wil. Is dit wat u wil hê? Lees die Psalms en waardeer die voorbeeld wat Dawid gestel het.

Ons moet met nederigheid bid en na God se wil soek. Christene wat God se instruksies volg, kan egter ook met vertrouwe bid. Die boek Hebreërs beskryf Christus se Goddelike krag as ons bemiddelaar, ons Hoëpriester, wat namens ons aan die regterhand van God sit, langs Hom, op Sy troon. Omdat Hy op Sy troon sit, kan Christene sê, soos ons in Hebreërs lees: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Hebreërs 4:16).

Bevind u uself in 'n tyd van nood? Ons is almal in 'n tyd van nood—altyd! Ons het altyd God se leiding, seëninge en sorg nodig. God het beloop om genade en barmhartigheid aan ons te verleen in ons tye van nood.

Verwag die onverwagte

Ons het gesien dat God soms 'n eenvoudige “ja” in antwoord op ons gebede gee, net soos Christus vir Petrus in

die See van Galilea van verdrinking gered het. God kan ons soms 'n positiewe antwoord gee, maar nie die presiese antwoord wat ons verwag het nie. Hy mag 'n ongewone sameloop van omstandighede of 'n onvoorsiene gebeurtenis bewerkstellig. Die antieke Israeliete het dit ervaar tydens hul slawerny in Egipte. Hulle wou vryheid hê en God het dit deur 'n reeks wonderwerke bewerkstellig. Toe die Israeliete vasgekeer was tussen die Skelfsee en die berge, met die vinnig naderende strydwaens van Farao, het ontvlugting onmoontlik gelyk. Maar, God het die onverwagte gedoen en die Skelfsee geskei sodat hulle na veiligheid kon gaan, soos ons in Eksodus 14 lees.

Die apostel Paulus het verwonderd gestaan oor God se wysheid en mag om in sulke situasies in te gryp. Hy het geskryf “O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë” (Romeine 11:13).

By die Skelfsee het God die Israeliete 'n vinnige en onverwagte antwoord op gebed gegee, selfs al moes hulle baie jare wag vir hul verlossing uit Egipte.

Soms verhoor God 'n gebed en gee ons waarvoor ons vra, maar verwag van ons om vir 'n ruk lank te wag voordat Hy dit toestaan. Ons moet geduldig wees. Jare gelede, het ek 'n diepe begeerte gehad om Jerusalem te besoek. Ek het Psalm 37:4 se belofte opgeëis

“Verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart”. God het my gebed verhoor—17 jaar nadat ek dit gebid het! God het uiteindelik aan my versoek voldoen, maar Sy voorlopige antwoord was “wees geduldig!” Ek en my vrou was uiteindelik wonderbaarlik geseën deur mee te maak aan 'n argeologiese opgraving in die stad van Dawid, Jerusalem. Ek moes egter wag vir God se wil en by Sy tydsberekening berus.

Volhard u in gebed wanneer dit voorkom of God se antwoord “wag en wees geduldig” is? In ons hedendaagse lewe van mikrogolfoonde, kitskoffie, kitskos en vermaak op aanvraag, verwag ons dikwels kitsoplossings. Die Bybel raai egter geduld aan, “want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry” (Hebreërs 10:36). Moenie moed opgee met u gebede wanneer dit deel van God se wil is nie. Wees geduldig, totdat u weet dat God geantwoord het.

Soms antwoord God egter “nee” op ons gebede. Hoe is dit moontlik as ons daarna streef om God se wil te doen—wanneer ons poog om nederig en gehoorsaam te wees en om in geloof te leef. Wat beteken 'n “nee” antwoord wanneer ons wil ooreenstem met die wil van God? Toe Jesus in angs gebid het die aand voor Sy kruisiging, het Hy gevra dat die beker van lyding van Hom af weggeneem sou word—mits dit God se wil was! Jesus het gebid “Vader, as U tog maar hierdie

beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val” (Lukas 22:42-44).

Jesus het gevra dat die beker van lyding van Hom af weggeneem sou word, maar slegs as dit God se wil was. Jesus se gebed was **om God se wil te doen**. Hy het Sy wil aan dié van die Vader onderwerp. God het Jesus se gebed verhoor en Hom krag gegee om te volhard deur Sy beproewing.

Die apostel Paulus het God ook gevra om 'n beproewing van hom af te verwyder: “En dat ek my oor die voortrefflikheid van die openbaring nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon” (2 Korintiërs 12:7-9).

Wanneer God “nee” sê

Soos in die geval van Jesus en Paulus, kan God ons soms “nee” antwoord. Wanneer Hy dit egter doen, gee Hy ons altyd die krag, mag en genade om Sy antwoord as Sy wil te aanvaar—as dit wat die beste vir ons lewens is. Ons

moet die geloof hê om te aanvaar dat ons Skepper weet wat die beste sal wees vir ons en ook hoe om ons te seën.

Ons grootste uitdaging in gebed is moontlik wanneer Hy antwoord: “Jy moet jou eers bekeer en verander voor jou gebed verhoor sal word, intussen moet jy beproewinge deurgaang en sekere lesse leer. Eers wanneer jy die nodige veranderinge gemaak het, sal God weer jou versoek oorweeg!”

Baie mense dink dat hulle enigiets van God kan eis, selfs al is dit duidelik teenstrydig met Sy wil en teen Sy wet. God is nie daar om enige vleeslike versoek wat ons mag hê, toe te staan nie. Die apostel Jakobus waarsku teen diegene wat met verkeerde motiewe bid en sy woorde is beslis 'n akkurate beskrywing van ons hedendaagse wêreldse samelewing: “Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle *welluste* deur te bring”(Jakobus 4:3).

Wanneer ons met 'n selfsugtige gesindheid vir eie gewin bid, met geen oorweging vir die wil van God nie, sal Hy nie ons versoeke toestaan nie. Jakobus beskryf voorts die gesindheid van iemand wat sy gebede beantwoord wil hê: “Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid. Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog” (vers 8-10).

As ons onself bekeer en

verander en nederig voor God is, sal Hy ons versterk. Hy sal begin om ons gebede te verhoor wanneer ons opreg Sy wil probeer verstaan en uitvoer, soos uitgebeeld deur die lewe en leringe van Jesus Christus. Soos die apostel Petrus skryf: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstaptes kan navolg” (1 Petrus 2:21).

Namate u na die wil van God streef en bid “Laat U wil geskied” en namate u die opdragte gehoorsaam en uitvoer wat van ons God en Skepper ontvang is, sal u antwoorde op u gebede ontvang. Let op hierdie baie belangrike beginsel: “En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22). Die hele Bybel lig ons in oor wat welgevallig is in God se oë. Ons moet ons aan God oorgee—bereidwillig om Hom altyd te gehoorsaam en Sy gebooie te onderhou.

Baie mense is deesdae onder die indruk dat geloof 'n emosionele leefstyl sonder enige behoefte aan gehoorsaamheid is. Jesus vra egter: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Ons moet 'n gesindheid van gehoorsaamheid en begrip vir die gebooie van Christus, asook vir die Wet van God hê.

Die Bybel beklemtoon ook die noodsaaklikheid om in God te glo en om op Sy beloftes te vertrou. “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;

want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek” (Hebreërs 11:6). Ja, God sal diegene seën of beloon wat Hom met ywer soek, daagliks tot Hom bid, daagliks hul Bybel lees, omdat hulle smag daarna om uit te vind wat God wil hê hulle met hul lewens moet doen.

Hebreërs 11 — die “geloofshoofstuk”—maak melding van mans en vroue van geloof soos: Abel, Henog, Noag, Abraham, Sara, Isak, Jakob, Josef, Moses, Ragab die prostituut, Dawid en vele ander. Waardeur ontstaan geloof? Let op: “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17). Die Bybel *is* die Woord van God. Lees dit elke dag! Verstaan wat die Skeppergod in die verlede vermag het en ook wat Hy vandag vir u belooft! Namate u begin besef dat God se vermoë om u te help geen perke het nie, sal u groei in die geloof.

Bid dus elke dag in geloof! Bid vir ander mense regoor die wêreld. Bid vir die slagoffers van tragedies en hul gesinne. Bid dat die Koninkryk sal kom! Bid dat die evangelie regoor die wêreld verkondig sal word! Bedank God elke dag vir al die seëninge wat u geniet! Lees u Bybel elke dag om die wonderlike toekoms wat God vir u beplan, te kan verstaan. Verbly uself ook in die liefdevolle verhouding wat u met u Vader in die hemel en met ons Verlosser, Jesus Christus, kan hê. U lewe sal dramaties verander en u sal eerstehands die antwoorde op onverhoorde gebede ervaar! **WVW**

Vrae & Antwoorde

Vraag: In Handeling 8, waar ons lees dat Filippus die evangelie aan die Samaritane verkondig het, lees ons hy het “Christus aan hulle verkondig” (vers 5). Waarom verkondig u tydskrif dan die Koninkryk van God en nie bloot Christus as persoon nie?

Antwoord: Hierdie is 'n algemene wanbegrip. Baie mense glo vandag dat deur slegs oor Christus as persoon te preek, hulle Sy boodskap verkondig. Jesus Christus het egter met 'n baie spesifieke boodskap gekom. Diegene wat slegs oor Sy persoon preek, verdraai Sy boodskap en leer teenstrydig met wat Hy onderrig het. 'n Nadere ondersoek van Handeling 8 sal die onbreekbare band tussen Jesus as persoon en Sy ware boodskap illustreer.

Let op wat Filippus verkondig het toe hy “Christus aan hulle verkondig [het]”. Ons lees: “Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue” (vers 12). Met ander woorde, toe Filippus Christus verkondig het, het hy die boodskap wat Christus hom geleer het verkondig—aangaande Christus se identiteit as Verlosser en Koning (Sy “Naam”), en aangaande die “Koninkryk van God” waarvoor Christus sal heers. In antwoord op hierdie boodskap het baie mense Christus—en gevolglik ook Sy boodskap—aanvaar.

Is die “Koninkryk van God” die een of ander warm gevoel in die hart van die gelowige? Nee! Die apostel Johannes het Jesus Christus se profetiese verduideliking van die toekomstige koninkryk waarvoor hy sal regeer, geboekstaaf. Johannes skryf van 'n toekomstige tyd wanneer die “koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here geword [het] en van Sy Christus, en hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Hierdie is nie beeldspraak nie; Jesus is 'n werklike Koning. Hy sal oor 'n letterlike Koninkryk heers, bygestaan deur die herrese getroue Christene (Openbaring 5:9-10; 1 Korinthiërs 15:50-52). Daar sal spesifieke tekens wees wat Sy koms voorafgaan en diegene wat hulle by Christus se vyande geskaar het, sal “rou bedryf” wanneer hulle Hom sien kom om daardie Koninkryk te vestig

(Mattheus 24:30).

Let op wat Hy gesê het toe Pilatus Hom vra: “Is U dan tog 'n koning?” Jesus antwoord: “U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom” (Johannes 18:37). Jesus verduidelik egter dat Sy Koninkryk nie van “hierdie wêreld”—hierdie huidige tydperk—is nie, maar van die Wêreld van Môre (vers 36).

Christus sal Sy Koninkryk vanuit 'n hoofkwartier in Jerusalem bestuur. “En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Miga 4:2). Namate mense Christus se weë aanleer, sal 'n “Millennium” wat onder God se heerskappy geleef word, ongekende vrede en vreugde meebring soos nog nooit tevore in menseheugenis nie.

Jesus Christus se boodskap was die goeie nuus van verlossing en die Koninkryk van God wat op hierdie aarde gevestig sal word, ten einde alle mensewesens voor te berei vir die ewige lewe in Sy Gesin. Al Christus se dissipels het hierdie einste boodskap verkondig (Lukas 9:1-2; 10:1-2, 9; Handeling 20:21, 25; Mattheus 24:14; 28:18-20).

Om “Christus te verkondig” beteken derhalwe om die volle waarheid aangaande Jesus Christus, Sy dood en opwekking, asook die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig. Diegene wat Jesus Christus werklik aanneem, sal Sy boodskap aanvaar, berou tot bekering hê, gedoop word en Hom toelaat om Sy lewe in hulle te leef (Filippense 2:5; Galasiërs 2:20), sodat Hy hulle kan voorberei vir die ewige lewe in Sy Gesin. Hierdie dramatiese verandering en verbintenis tot God se leefwyse, sal beloon word met Christus se Wederkoms, wanneer Hy sal sê: “Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af” (Mattheus 25:34).

Profesie neem

'n Honger om die woorde van die Here te hoor, lê voor!

Die 21ste eeu het begin met 'n godsdiensoplewing wat baie wêreldleiers en geleerdes verbaas het. Fundamentalistiese godsdiensoplewings versprei in Afrika, China, Rusland en Suid-Amerika. Die Pous praat daarvan om Europa te “her-evangeliseer”. In Noord-Amerika floreer “terug-na-die-Bybel” kerke terwyl liberale “hoofstroomkerke” baie lidmate verloor. Voorstanders van Intelligente Ontwerp staan evolusioniste in die klaskamers en howe teë. Dit alles veroorsaak deesdae opgewondenheid onder talle Bybel-gelowiges. Die Bybel sê egter dat daar 'n “honger om God se Woord te hoor” sal wees wanneer ons die einde van hierdie tyd nader. Hoe kan dit moontlik wees wanneer ons terselfdertyd 'n godsdiensoplewing beleef? Die antwoord is te vinde in wat die Bybel omtrent godsdiensoplewing aan die einde van hierdie tydvak onthul—in profesieë wat vandag *gestalte aanneem!*

Eindtydse geestelike honger

God het die profeet Amos geïnspireer om te skryf: “Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om *die woorde van die HERE te hoor*. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie” (Amos 8:11-12). Hierdie profesieë verwys na 'n tyd wanneer “die einde vir my volk

Israel gekom [het]” (Amos 8:2), en dit het 'n tweeledige toepassing op die antieke volk Israel sowel as op die hedendaagse nasies wat die afstammeling van antieke Israel is. 'n “Honger” om die waarheid te hoor vind plaas wanneer die nasies van Israel oorgeneem word deur 'n vreemde mag wat *die verkondiging en beoefening van die ware Bybelse geloof verbied*. Dit het in ongeveer 720 n.C. gebeur toe die Assiriërs die noordelike tien stamme van Israel in gevangenskap weggevoer het. Dit gaan weer gedurende die Groot Verdrukking gebeur, wanneer die moderne nageslagte van antieke Israel gestraf gaan word vir hul sondes (Mattheus 24:9; Hosea 5:5; Jeremia 22:5-9).

Die profeet Daniël verduidelik hoe hierdie “honger” om die waarheid te hoor in die laaste dae sal plaasvind. Daniël het in 'n visioen gesien hoe 'n “klein horinkie” die laaste sewe herlewings van die Romeinse Ryk oorheers (die vierde dier; sien Daniël 7:7-8, 19-20). Hierdie klein horinkie sal 'n prominente godsdiensoplewing (en sy kerk) wees, wat godslasterlike leerstellings onderrig wat die Skrif weerspreek. Hierdie “horing” sal dit ten doel hê om die kalender van godsdiensoplewing te verander en sal diegene vervolg wat die Skrif navolg (Daniël 7:21, 24-25).

Die geskiedenis getuig van die biskoppe van Rome wat voorgesit het in rade waar die weeklikse dag

van aanbidding op die Bybelse Sabbat (die dag wat deur Jesus, Sy dissipels en die Christene van die apostoliese era onderhou is; sien Lukas 4:16; Handeling 13:42-44; 16:11-13; 17:2) na Sondag verander het. Heidense sonaanbidders het reeds Sondag onderhou; een van die redenasies vir die verandering was dat dit dit vir heidene makliker sou maak om na hierdie nuwe vorm van “Christelikheid” om te skakel. Op soortgelyke wyse is die Bybelse Pasga vervang met “Paasfees [Easter]” en is die wintersonstilstand feesviering [in die Noordelike Halfrond] “gekersten” om die heidene in die skoot te trek. Die Romeinse wet het hierdie kerklike besluite om onbybelse leerstellings en praktyke in die naam van “Christelikheid” te aanvaar, ondersteun. Die pousdom het Sondag die afgelope aantal jare as dag van aanbidding herbeklemtoon, en daarop aangedring dat Europese wette wat Sondag as vakansiedag vaslê, in gebruik gestel word. Sulke wette kan in die toekoms gebruik word om die onderhouding van die Bybelse Sabbat daadwerklik te ontmoedig en die eenvormige onderhouding van Sondag te bevorder.

Daniël het 'n visioen van 'n ander “klein horinkie” gesien wat sal veroorsaak dat die daaglikse offerande in die tempel in Jerusalem gestaak sal word en “*dit het die waarheid op die grond neergewerp*” (Daniël 8:8-14).

gestalte aan

Hierdie tweeledige profesie is aanvanklik in 168 v.C. vervul deur Antiochus Epiphanes toe hy Jerusalem verwoes het en 'n standbeeld van Zeus in die Tempel opgerig en varkbloed op die altaar geoffer het—'n groot belediging vir die Joodse volk. Antiochus het druk op die Joodse priesters geplaas om hul godsdienstryke aan te pas en 'n proses van Hellenisasie te aanvaar. Die *Expositor's Bible Commentary* maak die stelling dat Antiochus se daad 'n voorskadu is van "'n vasbeslote poging wat deur 'n genadelose diktator gemaak gaan word om die Bybelse geloof totaal te onderdruk" aan die einde van hierdie tydperk, wat sal probeer om godsdiens eenheid te bewerkstellig (kommentaar oor Daniël 8:11-12).

In nog 'n ander visioen voorspel Daniël dat 'n magtige eindtydse leier wat bande met 'n herleefde Romeinse stelsel het, 'n sewejaar verbond gaan sluit wat die Jode aanvanklik sal toelaat om offerandes te hervat "en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou" (Daniël 9:26-27). Hierdie verbond sal begin as 'n teken van godsdiensverdraagsaamheid, maar na drie-en-'n-half jaar word "alle skyn van godsdiensverdraagsaamheid laat vaar", omdat hierdie leier poog om eenvormigheid met 'n korrupte godsdiens af te dwing (*Expositor's Bible Commentary*). Hierdie invloedryke eindtydse godsdiensleier en sy pogings om

ware Bybelse godsdiens te versmoor en te vernietig, hou duidelik verband met die optredes van vals leraars aan die einde van hierdie tyd (Daniël 12:11; Mattheus 24:3, 11, 15; Openbaring 17:1-5).

Wesenlike profesieë

Die Nuwe Testament bied bykomende insig oor eindtydse gebeure wat sal bydra tot "'n honger... om die woorde van die HERE te hoor". Jesus sê dat in die jare net voor Sy Wederkoms "baie onder my Naam [sal] kom... en hulle sal baie mense mislei" (Mattheus 24:5). Vals leraars sal 'n ander Jesus en 'n ander evangelie verkondig wat die Skrif weerspreek (2 Korintiërs 11:1-4). Moenie mislei word deur hierdie vals Jesus en ander evangelie nie! Onthou: Jesus, Sy Apostels en die Kerk wat Hy gestig het, het 'n Saterdagse Sabbat en die Bybelse Heilige Dae onderhou. Historiese bronne en die Bybelse weergawe wys dat Jesus nie op 25 Desember gebore is nie. Die Bybel sê dat *niemand behalwe Jesus* hemel toe gegaan het nie (Handelinge 2:29, 34; Johannes 3:13). Mense is *nie* geskape om hemel toe te gaan en op wolke te sit en harp speel nie, maar om in die komende Koninkryk van God saam met Jesus Christus op hierdie aarde te regeer (Mattheus 19:28; Openbaring 1:6; 5:10; Daniël 2:44-45; 7:27). Hierdie feitlike Bybelse inligting sal aan die einde van hierdie tydperk onderdruk word omdat dit bots met die tradisionele leringe wat

deur die wêreldoorheersende godsdiensstelsel van die tyd voorgestaan sal word.

Die Bybel wys dat namate ons die einde van hierdie tyd nader, daar 'n toename in *militante* godsdiensbedrywighede sal wees (Openbaring 6:1-2). In die laaste dae sal mense "'n gedaante van godsaligheid" hê, maar dit sal nie stewig op die Skrif gebaseer wees nie (2 Timotheus 3:1-5; 4:1-4). 'n Invloedryke godsdiensfiguur sal van bonatuurlike kragte gebruik maak om mense te mislei om leuens te glo en sal die waarheid onderdruk (2 Thessalonicense 2:1-12). Vals leraars sal "verderflike ketterye heimlik invoer" en 'n bespotting maak van Bybelse leerstellings en boos praat van die waarheid, terwyl hulle die Skrif verdraai om hul verkeerde idees te steun (2 Petrus 2:1-3; 3:1-18). Hierdie klimaat van openbare mening wat krities en afwysend van ware Bybelse Christelikheid is, is vandag aan die ontwikkel en sal 'n klimaks bereik in 'n poging om ware Bybelse lering te vernietig—'n poging wat gelei sal word deur 'n magtige godsdiensfiguur wat bande met 'n herleefde Romeinse stelsel in Europa het. Dit is van uiterste belang dat ons verstaan waarheen hede daagse wêreldgebeure lei en dat ons "die HERE [soek] terwyl Hy nog te vinde is" (Jesaja 55:6) omdat daar 'n tydperk van duisternis kom (Johannes 9:4)—en daarmee saam kom "'n honger... om die woorde van die HERE te hoor."









—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 9 – Wie is die Dier?

word? Douglas Winnail, Europese streeksredakteur van *Tomorrow's World*, het verlede jaar geskryf: “Europa se hedendaagse leiers poog steeds om Europa volgens 'n Romeinse model te verenig. Toe die verdrag van Rome in 1957 onderteken is, wat die grondslag vir Europese eenheid gelê het, het die deelnemers verklaar 'ons het daardie dag soos Romeine gevoel... ons het die Romeinse Ryk nog 'n keer doelbewus herskep” (*Shadows Over Europe*, Januarie-Februarie 2005, bl. 13).

Bybelprofesie onthul dat 'n groot supermoondheid in Europa sal verrys en dat dit 'n herlewning van die Romeinse Ryk sal wees. Hierdie groot moondheid sal politïes, militêr en ekonomies van aard wees. U kan in Openbaring 18 van die moondheid se ekonomiese mag lees. Die huidige Europese Unie neig daarheen om al drie daardie dimensies van mag te volbring. Duitsland staan tans aan die spits van die Europese Unie. Soos ons reeds in vorige artikels in hierdie tydskrif uitgewys het, dui Bybelprofesie

Profetiese “Babilon” – Die opeenvolgende heerskappye van heidense koninkryke

Beeld (Daniël 2)	4 Diere (Daniël 7); Ram en Bok (Daniël 8)	Diere uit see en aarde (Openbaring 13)	Groot hoer wat op skarlakenrooi Dier sit (Openbaring 17)	Simboliese betekenis	Historiese vervulling	
Hoof van goud (verse 32, 38)	Leeu (7:4)	Dier met sewe koppe uit see, met bek van leeu,		Dier se eerste kop	Neo-Babiloniese (of Chaldeeuse) Ryk, 625-539 v.C.	
Bors en arms van silwer (verse 32, 39)	Beer (7:5); Ram met 2 horings (8:3-4, 20)	pote soos dié van 'n beer		Dier se tweede kop	Medo-Persiese Ryk 558-330 v.C.	
Buik en lende van koper (verse 32, 39)	Vierkop-luiperd (7:6); Bokram met 1 groot & 4 aansienlike horings (8:5-8, 21-22)	en 'n lyf soos dié van 'n luiperd (vers 2)		Dier se derde, vierde, vyfde en sesde koppe	Hellenistiese Ryk van Alexander die Grote en die vier verdelings daarvan, 333-31 v.C.	
Twee bene van yster (verse 33, 40-43)	Dier met ystertande en tien horings (7:7, 23-24)	Sewende kop van dié dier het tien horings (vers 1)	Skarlakenrooi dier met 7 koppe (vers 3) (waarop die hoer wat onder beskryf word, gaan sit)	Dier se sewende kop	Romeinse Ryk 31 v.C.- 476 n.C. (Konstantyn verklaar “Christendom” amptelike godsdiens in 324 n.C.)	
		Dodelike wond (vers 3)		Dier se oënskynlike einde	Val van Rome (476 n.C.)	
	Eerste horing (ontwortel)	Eerste horing		Drie opeenvolgende horings (barbaarse volgelinge van Arianisme wat op pouslike gesag uitgewys is—word die “oorgangstydperk” genoem in Philip Meyer se <i>Ancient History</i> , bl. 571)	Koninkryk van die Vandale 429-533 n.C.	
	Tweede horing (ontwortel)	Tweede horing			Heruli (onder Odoaser) 476-493 n.C.	
	Derde horing (ontwortel)	Derde horing			Koninkryk van die Ostro-Gote 493-554 n.C.	
	Klein horinkie tussen die 10 (7:8, 20-22, 24-27)	Lamagtige dier met 2 horings uit aarde, en beeld (vers 11-18)		Vrou in koninklike drag, naamlik Verborgeneid, die groot Babilon (vers 1-6)	Vals Christelike godsdiens oefen beheer uit oor die Dier	Rooms-Katolieke Kerk onder Pous (in “gedaan-te” van die Romeinse burgerlike regering)
	Vierde horing	1 ^{ste} van laaste 7 horings; Dodelike wond genees	Dier duur vir 1 260 jaar voort na genesing (vers 5) 554-1814 n.C.	Eerste kop van skarlakenrooi dier waarop hoer sit	Herlewings van die Dier: Die sewe laaste horings van Daniël 7 en Openbaring 13, is dieselfde as die sewe koppe van die skarlakenrooi dier van Openbaring 17	Keiserlike herstel van die Weste onder Justinianus (554 n.C.)
	Vyfde horing	Tweede van laaste sewe horings		Tweede kop waarop hoer sit		Karolingiese Ryk (Karel die Grote in 800 n.C. gekroon)
	Sesde horing	Derde van laaste sewe horings		Derde kop waarop hoer sit		Heilige Romeinse Ryk (Otto die Grote wat in 962 n.C. gekroon is)
	Sewende horing	Vierde van laaste sewe horings		Vierde kop waarop hoer sit		Hapsburgse Vorstehuis (Karel V in 1530 n.C. gekroon)
Agtste horing	Vyfde van laaste sewe horings	Vyfde kop waarop hoer sit		(waarvan vyf “geval” het toe Napoleon in 1814 verslaan is –vers 10)		Napoleontiese Ryk 1804–1814 n.C.
In 1814, 1 260 jaar nadat die dodelike wond in 554 n.C. genees is, het die “Heilige Romeinse Ryk” tot 'n einde gekom met Napoleon se vernietigende nederlaag. “So het 'n regering dan tot 'n einde gekom wat uit die tyd van Keiser Augustus dateer” (Willis West se <i>Modern History</i> , bl. 377).						
Negende horing	Sesde van laaste sewe horings	Sesde kop waarop hoer sit	“IS nou” (Openbaring 17:10)—wat deur God se eindtydse Kerk verstaan word (Daniël 12: 9-10)	Italië en Duitsland wat op die Hitler-Moessolini magspunt uitgeloop het (1870–1945 n.C.)		
10 Tone aan twee voete van yster en kleimengsel (verse 33, 42)	Tiende en laaste horing	Sewende van laaste sewe horings	Sewende kop waarop hoer sit (met tien horings); 8 ^{ste} stelsel as Dier self 1 ^{ste} is (vers 11)	Nog 'n herlewning wat “NOG NIE GEKOM HET NIE” (Openbaring 17:10)	Laaste herlewning van die Romeinse Ryk (tien nasionale leiers onder een enkele leier)	

daarop dat God die Bybelse nasie Assirië tydens die eindtyd sal gebruik om Sy volk te straf, soos Hy voorheen ook gedoen het. Soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, is hedendaagse Duitsland die afstammeling van antieke Assirië, wat deur God gebruik sal word om die moderne afstammeling van die antieke huis van Israel te straf—die nasies van die Verenigde State en lande van Britse afkoms. Indien u meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp verlang, vra gerus u gratis kopie aan van ons insiggewende boekie “Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?”

Bybelprofesie onthul ook dat hierdie Europese supermoondheid—die Diermag—die Midde-Ooste sal binneval. Die profeet Daniël het voorspel dat die eindtydse koning van die noorde die “Pragtige Land” sal binneval (Daniël 11:41) Onthou u wat Jesus hieroor gesê het? “En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” (Lukas 21:20).

Hou verwickelinge in Europa en die Midde-Ooste dop! Soos ons gesien het, sal die Diermag selfs teen Jesus Christus veg wanneer Hy na Jerusalem terugkeer, maar Christus sal almal oorwin wat Hom teenstaan. Die apostel Johannes skryf in Openbaring 19:19, “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die

merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swavel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Openbaring 19:19-21).

Die terugkerende Messias, Jesus Christus, sal Satan—die mag agter die Dier en al sy bondgenote—oorwin. Satan sal in die afgrond gewerp word (Openbaring 20:3). Christus sal dan die Koninkryk van God op die aarde vestig wat 'n “Millennium” van vrede en die voorbereiding van miljarde mense sal inlei om vir alle ewigheid lede van sy Gesin te wees. Mag God u help om Hom lief te hê, Hom te gehoorsaam en te dien, sodat u ook deel kan wees van daardie regerende, dienende Gesin onder u Verlosser, Jesus Christus, tot in alle ewigheid!” [www.wvm](http://www.wvm.co.za)

Die Dier van Openbaring

Waarheen lei wêreldgebeure? Gaan 'n wêrelddiktator binnekort sy opwagting maak? Waar gaan u wees wanneer hierdie laaste Dier sy verskyning maak? Hoe gaan dit u lewe raak? Gaan u sy berugte MERK ontvang? Wat kan u doen om voorbereid te wees? Die ongelooflike ANTWOORDE word in hierdie boekie gegee!

Skryf vir ons **GRATIS** boekie, *Die Dier van Openbaring—Mite, beeldspraak of werklikheid?* of laai dit elektronies af by die “Boekies” afdeling op ons webwerf, www.wvm.co.za.

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

God die oorsprong van verwarring is, of is daar dalk 'n ander verduideliking?

Slaan ag op Christus se waarskuwing

Dink na oor die waarskuwing wat Christus self gee: “Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Mattheus 24:5). Jesus sê nie hier dat slegs 'n paar in Sy naam sal kom nie, meer eerder dat “baie” sal kom! Hulle kom as “Christen” predikers wat Jesus as die Christus verkondig—tog word **baie mislei!** Met ander woorde, daar sou

grootskaalse misleiding wees, gebaseer op valse leerstellings deur die *baie* wat sê dat hulle “in Jesus” se naam kom.

Om die waarheid te sê, is dit maklik vir godsdienstleraars om die Seun van God se naam te *gebruik* as mantel vir hul persoonlike leerstellings, of dit nou enige verband met die ware Jesus se lewe en leringe het al dan nie! Dit is waarom die apostel Paulus vir ons sê: “**Beproof** alle dinge; behou die goeie” (1Thessalonicense 5:21). Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om “seker te maak” van die

leerstellings wat ons geleer word—wat ook al die bron. **Moenie** agterlosige aannames maak nie! *Maak seker dat u weet wat die Bybel werklik sê!*

Paulus maan ons verder: “Want as iemand kom en 'n **ander Jesus** verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n **ander gees** ontvang as wat julle ontvang het, of 'n **ander evangelie** as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4). Met ander woorde, Paulus was bevrees dat van die Kerklidmate van sy tyd die prooi sou word van “vals” leraars en dat hulle 'n *vals* evangelie aangaande 'n *vals* Christus sou aanvaar!

Wat van u? Is dit moontlik dat *u* met 'n “ander Jesus” opgeskeep sit? Is dit moontlik dat *u* mislei is om in 'n valse voorstelling van Christus te glo—tesame met 'n *vals boodskap* wat bloot *na bewering* van die ware Jesus af kom? Hoe kan u weet wat die waarheid is en wat nie?

Ons moet die Bybel ywerig **bestudeer** sodat ons ware begrip kan kry. Ons moet bereid wees om met 'n oop gemoed te besluit *of* ons die oorlewering van mense eerder as die *gebooie van God* gevolg het (Mattheus 15:3).

Wanneer ons die Bybel bestudeer, moet ons leer om die *Bybel homself te laat interpreteer*. Met ander woorde, as iets nie duidelik is nie, moet ons toelaat dat die eenvoudige, duidelike verse ons help om daardie verse te verstaan wat nie so duidelik is nie. Ons moet ook bereid wees om die Bybelboeke **regdeur** te bestudeer soos enige ander boek. Baie mense spring eenvoudig rond en lees net 'n paar sentimentele verse vir bemoediging. Hoewel dit soms nuttig kan wees, bied dit **nie** ware insig in die hele plan en doel van God, wat Hy in die Bybel—Sy “instruksieboek” vir alle mense openbaar nie.

U kan begin deur die Evangelie volgens Mattheus, die eerste boek van die Nuwe Testament, te bestudeer. Lees stadig *regdeur* Mattheus terwyl u die verse merk wat u glo belangrik is. Doen dan die volgende dag hersiening van wat u bestudeer het, en lees en merk dan nog 'n paar hoofstukke terwyl u nadink oor wat u gelees het. Op hierdie wyse sal u vertrouwd raak met wat die Bybel werklik sê—**nie** wat misleide leraars u moontlik kan *vertel* dit sê

nie!

Bid vir insig en begrip

Vra God vir *begrip* tydens vurige persoonlike gebed. Wees bereid om die ware Christelikheid van Christus na te volg, **ongegag alles**. Onthou altyd die apostel Paulus se belangrike stelling: “Ek is met Christus gekruisig, en *ék* leef nie meer nie, maar Christus **leef** in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galasiërs 2:20).

Sal Christus, deur die beloofde Heilige Gees, **dieselfde** soort lewe in u leef as wat Hy meer as 1 900 jaar gelede in die vlees geleef het? Hebreërs 13:8 sê vir ons: “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid.” Het Christus die Tien Gebooie onderhou toe Hy in die vlees was? Johannes 15:10 herhaal Christus se woorde: “Ek [het] die gebooie van my Vader **bewaar**.”

As u hulp nodig het om die Bybel te bestudeer, skryf gerus of skakel onverwyld om in te skryf op *Die Wêreld van Môre-Bybelstudiekursus*, of bestel dit aanlyn by ons webwerf, www.wvm.co.za. Hierdie deeglike kursus van 24 lesse sal u nie net deur 'n klomp sentiment lei nie. Dit sal u eerder werklik help om ons Skepper se groot **plan** vir die mensdom te *verstaan*. Dit sal u help om uit *u eie Bybel* te **bewys** wat u moet doen om *u rol* in God se plan te vervul. Die adres en kontakbe sonder hede van ons plaaslike streekkantoor is op bladsy 2 van hierdie tydskrif. U inskrywing en al die lesse is *gratis*—soos al ons literatuur!

Mag God u help om werklik Sy geïnspireerde Woord te *bestudeer* en dit wat u glo, *uit die Bybel* te **bewys** namate ons die einde van hierdie tydvak nader. Dan sal u op 'n vaste fondament wees, en u sal God—en die herrese Jesus Christus aan Sy regterhand—werklik leer ken op 'n wyse wat u nog nooit voorheen ervaar het nie.

